IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass. 2

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-06-23 en 24

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 113

(Bladsye 5 601 - 5 669)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. FICK : U Edele, die volgende getuie wat die Staat roep se naam is Fezekile Newman Springbok. Die getuie sal getuig oor paragraaf 30 bladsy 81 van die besonderhede. Dit is Adelaide.

FEZEKILE NEWMAN SPRINGBOK, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie en u is gestasioneer te Adelaide en u was woonagtig te die Swartwoongebied bekend as New Town? -- Dit is so.

Gedurende Maart 1985 was u behulpsaam in verband met die insameling van sekere pamflette? -- Ja, dit is so.

Ek toon aan u dokument ABA(3). Ken u daardie dokument? -- Ja, ek ken die dokument.

Kan u vir die Hof sê waar is hierdie dokumente gevind? -- Daar was baie van hulle gewees. Ons het hulle opgetel by persele, dit wil sê verskillende persele.

Is dit in die woongebied New Town? -- Dit is so.

Dan wil ek met u gaan na 11 April 1985, ongeveer 20h00 was u by u huis? -- Ja, dit is so, ek was.

U huis se ligte, was dit aan? -- Ja, die ligte was aan gewees.

U en u familie was besig om te eet? -- Ja, dit is so.

Wat hoor u terwyl u besig is om te eet? -- Ek het 'n lied gehoor. Daar was mense wat gesing het. As gevolg daarvan kon ek die afleiding gemaak het dat dit baie mense is wat sing.

Kon u die lied se woorde erken? Weet u wat is die lied se naam? -- Ja, dit het gegaan oor Thambo, dat Thambo moet terugkom en hulle in vryheid moet kom stel.

Het u uitgegaan en gaan kyk? -- Ja, ek is uit.

Wat sien u toe u buite kom? -- Toe ek uit is om ondersoek in te stel, het ek gekyk in die rigting van konstabel

... / Matewu

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Matewu se huis, wat in dieselfde straat is as ek, waar ek opgemerk het dat die mense daar staan en besig was om te gooi.

Konstabel Mantewu, hoe ver is sy huis van u huis af? -- Tussen 100 en 120 meter van my huis af.

U sê die mense was besig om te gooi. Kon u sien of kon u hoor wat gegooi word? -- Ek kon die geluid van klippe hoor wat te lande gekom het op die sinkplate van die huis.

Kon u konstabel Mantewu se huis self sien? -- Ja, duidelik.

Was daar ligte aan of was dit donker by sy huis? -- Dit was donker gewees. Eintlik het ek gedink dat hy nie tuis was nie.

Wat het toe gebeur? -- Terwyl hulle nog so besig was, het ek een van hulle gehoor sê "Laat ons loop." Toe dit gesê was het hulle in my rigting gekom.

Toe die mense in u rigting kom, het hulle nog gesing of het hulle geskreeu of het hulle in stilte gestap? -- Hulle het gesing.

Nog dieselfde lied? -- Ja.

Was daar enige geskreeu gewees? -- Daar was 'n geskreeu gewees.

Kon u hoor wat skreeu hulle? -- Ja, ek kon hoor.

Wat het hulle geskreeu? -- Hulle het gesê Botha se honde moet uitkom.

Het hulle nog iets geskreeu? -- Daar is een wat 'n leidende rol gespeel het, wat byvoorbeeld Thambo geskreeu het, dan sal die ander in die agtergrond skreeu Viva, dan sal die leier sê Botha en dan was die antwoord Voetsek.

Het hulle nog iets geskreeu behalwe dit? -- Terwyl hulle daar voor my huis gestaan het, het hulle gesê dat ek moet uitkom dat hulle my doodmaak.

Kan u enige skatting vir die Hof gee ongeveer hoeveel

... / mense

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

mense dit was wat daar voor die huis gestaan het? -- Ek skat dit ongeveer 500.

Waar was u gewees toe die klomp voor d ie huis staan en skreeu? -- Ek het my bakkie langs die huis geparkeer gehad. Ek was op die perseel, tussen die bakkie en die huis meer aan die agterkant.

Was u huis se ligte nog aan op daardie stadium? -- Ja, die ligte was aan.

Wat het toe gebeur? -- Hulle het toe gegooi na die huis toe.

Met wat? -- Met klippe.

Almal of net 'n paar? -- Almal van hulle daar teenwoordig.

Het die mense in die straat gebly en klippe gegooi of iets anders gedoen? -- Van die mense het by die hek ingekom, dit wil sê die hek wat ek gebruik om met my voertuig in te ry. Dit word nie toegemaak nie. Toe ek uit die huis kom, het hulle daar ingegaan, as gevolg waarvan ek toe geskiet het.

Met wat het u geskiet? 'n Geweer, 'n rewolwer of 'n pistool? -- 'n Rewolwer, .38.

Het u op die skare geskiet of hoe het u geskiet? -- Die eerste skoot het ek in die lug geskiet.

Wat was die reaksie van die mense? Het hulle uitgegaan of nog klippe gegooi? -- Een van hulle het gesê "Nee, hy skiet nie na ons toe nie, hy skiet in die lug, hy sal ons nie skiet nie."

Wat gebeur toe? -- Hy sê toe vir die ander om naby my te kom. Toe hulle naby my kom, het ek na hulle geskiet.

Wat gebeur daarna? -- Ek het ses skote afgevuur. Na dit het een van hulle geskreeu en gesê "hulle is nou klaar, laat ons gaan." Dit wil sê die koeëls is nou op.

HOF : Laat ons gaan vorentoe of weg? -- Vorentoe, na my toe.

... / MNR. FICK

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. FICK : Wat gebeur toe? -- Wat toe gebeur het, is ek het oor die heining gespring na die perseel toe langsaan my huis waar ek weer die wapen gelaai het.

Gaan aan? -- Op hierdie stadium was hulle amper by die huis, naby die huis, toe ek een skoot gevuur het. Daar het toe 'n bakkie gekom. Dit is nou die polisiewa wat ek van praat.

Gaan voort? -- Die stasiebevelvoerder het daar aangekom saam met ander polisiebeamptes en my gehelp. Ons het van die mense daar gearresteer in die straat.

En die groep, het hulle daar gebly of het hulle weggehardloop? -- Hulle het weggehardloop.

Weet u of daar enige persone beseer is deur u? -- Ek het eers later na die ander polisiebeamptes daar gekom het gesien dat daar voor die huis bloedkolle was op die grond.

Het u enige beseerdes of persone wat oorlede is self voor die huis gesien daar op die toneel of op 'n ander plek die aand? -- Ons het daardie nag deurgeloop op soek na die seuns, tot ons by 'n ander huis gekom het waar 'n seun gelê het. Ons vra toe wat het hy oorgekom, maar hy het toe gesê dat ek hom geskiet het.

Het u net een beseerde gekry daardie aand? --Daar was 'n tweede een wat ons ook by sy huis gekry het wat beseer was.

Nou wil ek met u gaan na Vrydag, 12 April 1985. Gedurende die oggend is u saam met ander polisiebeamptes na die Amajingqi Sekondêre Skool daar in die woongebied? -- Ja, ons is soontoe.

Toe julle by die skool kom, wat het julle gevind? -- Ons het 'n entjie ver van die skool gestaan. Wat ek opgemerk het daar was dat die kinders besig was om te marsjeer en hulle het gesing.

Hoeveel van hierdie jeugdiges was daar gewees wat

... / gemarsjeer

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gemarsjeer het? -- Omtrent 400.

Waar het hulle gemarsjeer? Op die skoolterrein, in die straat of waar? -- Op die skoolterrein.

Kan u vir die Hof sê wat het hulle daar gesing? -- Hulle het hierdie liedere van hulle gesing wat hulle sê is vryheids-liedere.

Kan u enige van hulle se woorde onthou? -- Dit wat ek kan onthou en wat ek eintlik daardie dag vir die eerste keer gehoor het, het gegaan daaroor dat hulle self guerrillas is.

Het hulle enigiets geskreeu? Enige slagspreuke geskreeu op die perseel? -- Ja, hulle het.

Wat het hulle geskreeu? -- "Viva Thambo, Viva Mandela."

Nog iets? -- Hulle het verder gesê dat hulle vir die UDF werk.

Het hulle nog iets geskreeu of is dit al wat u kan onthou? -- Daar was nog iets anders wat hulle daar geskreeu het. Ek kan net nie alles onthou nie.

Hierdie marsjeerdery, skreeuery en singery, hoe lank het dit aangegaan op die skoolterrein? -- Ek kan nie presies ont-hou nie, maar wat ek wel kan sê is, toe ons soontoe was was dit net na 13h00 gewees. Na 14h00 die middag was die skoolkinders al weg gewees.

Het die polisie enigsins daar opgetree terwyl die skreeuery en singery en marsjeerdery aan die gang was? -- Nee, ons het niks gedoen nie.

Die Maandag, 15 April 1985, toe is u weer na dieselfde skool toe? -- Dit is so.

Watter tyd van die dag is u soontoe? -- Dit was in die namiddag.

Wat het u gevind toe u daar kom by die skool? -- Hulle was besig om te sing soos die vorige keer wat ek daar was.

... / Hulle

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Hulle was eintlik besig om dieselfde te doen.

HOF : Ook gemarsjeer? -- Ja.

MNR. FICK : Weer slagspreuke geskreeu? -- Ja.

Wat gebeur terwyl julle hulle dophou? -- Ons het opgemerk dat daar seuns was wat die perseel van hierdie skool Amajingqi verlaat het en na 'n ander skool gegaan het wat naby hulle was, bekend as Khobonqaba.

HOF : Is dit ook 'n Senior Sekondêre Skool? -- Nee, dit is 'n Junior Sekondêre Skool.

MNR.FICK : Die tweede skool Khobonqaba hoe ver is hy van die eerste skool af waarvan u gepraat het? -- Omtrent 200 meter.

U sê u het gesien 'n paar van die seuns gaan van die eerste skool na die tweede skool toe. Wat gebeur toe, sien u? -- Die kinders by hierdie skool was besig om te leer, maar na hierdie seuns soontoe is, het hulle ook begin marsjeer en die persele daar verlaat.

Het hulle enigiets geskreeu of gesing toe hulle begin marsjeer het? -- Toe hulle daar uit is, was hulle besig om te sing.

Wat het hulle gesing? Dieselfde as wat u vantevore gesê het of ander liedjies? -- Hulle het dieselfde liedere gesing soos die vorige wat ek alreeds genoem het.

Wat het hulle geskreeu? -- Die kinders het sommer bymekaar gekom, dit wil sê van die ander skool het by hierdie aangesluit en daar was toe 'n geskreeuery van die klomp nadat hulle bymekaar gekom het.

Wat het hulle geskreeu? Die slagspreuke wat u reeds genoem het of ander goed? -- Hulle het dieselfde slagspreuke daar geskreeu.

Op hierdie tweede geleentheid, het die polisie toe opgetree of het hulle niks gemaak nie? -- Ons het niks gedoen

... / nie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nie.

Is hulle weg? Is hulle uiteen daar of wat het gebeur? -- Hulle is weg van die skool af in die rigting van die lokasie. Wat later van hulle geword het, weet ons nie.

Die volgende dag, 16 April, die Dinsdag, die oggend is u weer na 'n skool toe? -- Ja, ons was daar gewees.

By watter skool was u toe? -- Amajingqi.

Die eerste skool waarvan u gepraat het? -- Ja.

Wat sien u daar? -- Hulle het daar gesing en hulle vuiste hoog in die lug gehou. Hulle het heen en weer deur die vensters geklim, in en uit.

Die hulle wat u van praat, wie is dit? Is dit skoolkinders of wie is dit? -- Dit is die skoolkinders.

HOF : Wat maak die onderwysers? -- Ons het nie die onderwysers gesien nie, want ons was buite die perseel gewees op die erf van die skool.

MNR. FICK : Behalwe dat hulle heen en weer deur die vensters geklim het die kinders, het hulle nog ander goed gedoen op die perseel? -- Nee, niks anders as om te sing en heen en weer deur die vensters te klim nie.

Het die polisie op hierdie geleentheid opgetree? -- Ja, die stasiebevelvoerder het stappe geneem.

Wat het hy gedoen? -- Ons het 'n luidspreker gehad daar. Deur die luidspreker het hy gesê dat hy hulle 'n tydperk van 'n uur gee en dan moet hulle die skoolpersele verlaat.

Het hulle die skoolpersele verlaat? -- Nee, hulle het nie tot na die tyd wat hulle gegun was.

Wat was die skoliere se reaksie op hierdie waarskuwing? -- Hulle het aangehou met die ding van hulle van sing en gemarsjeer.

Het julle toe opgetree? -- Ja, ons het traangas gegooi.

... / En

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

En die kinders, wat het toe van hulle geword, die skoliere? -- Hulle het uitgehardloop en hulle is toe weg.

Daardie Dinsdag, 16 April, die oggend toe u daar gekom het, was dit 'n normale skooldag, was die skool aan die gang, was die skool gesluit of wat was die posisie? -- Die twee skole, Amajingqi en Khobonqaba was die vorige Vrydag al gesluit deur die inspekteurs.

Was dit na die eerste marsjeerdery wat die skole gesluit is? -- Ja.

HOF : Vir hoe lank is hulle gesluit? -- Die skole was voorlopig gesluit totdat die kinders ophou met die dinge wat hulle daar aangevang het.

MNR. FICK : Behalwe 11 April toe die mense by u huis was, was daar weer enige optrede by u huis gewees? -- Na hierdie dag het ek partykeer in die nag 'n klip gehoor wat op die dak val terwyl ek slaap. Net een klip op verskillende geleenthede.

Dra u enige kennis van enige petrolbomme wat gegooi was? -- Ja, daar was 'n petrolbom by my huis gegooi.

HOF : In die huis of teen die huis? -- Teen die muur van die huis.

MNR. FICK : Het hy afgegaan? Is die huis beskadig of nie? -- Nee, dit het nie afgegaan nie.

U weet nie wie dit gedoen het nie? -- Nee, ek weet nie.

Was dit in die dag of in die nag? -- Dit was in die nag om en by 23h00.

CROSS-EXAMINATION BY MR TIP : You say that all 500 people in this group were throwing stones at your house on 11 April 1985? -- I estimated them to be 500.

The question was whether you say that everyone of them was throwing stones at your house? -- I will say so because of the number of stones which were there.

... / What

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

What do you mean by that? That you counted the stones afterwards? -- No, we did not count the stones. We would not have been able to count them in any way, there were too many to be counted.

Let me ask you slightly differently. Were there people in this group of 500 that were not throwing stones at your house? -- I was not amongst those people. Therefore I am not able to tell you, but what I can say is they threw stones.

I do not want to dwell on this, but you gave a reply to My Learned Friend when he asked you whether they were all throwing ... (Court intervenes)

COURT : If you do not want to dwell on it, why do you dwell on it?

MR TIP : I would like him to explain.

COURT : I have got the answer. You can ask him how many buckets he had to carry away. He could not see, it was dark, but you can take him up on it and ask him whether each and every one of them threw a stone. We can use our own discretion on this.

MR TIP : Why did you answer that all those present were throwing stones? -- I must say so, because they were all together there. They had come there to kill me.

How much damage was done to your house? -- About R500,00 was the damage to my house. That is including my van.

What was damaged on your house? -- The window-panes, cups and dishes in the house and the roof of my van. By dishes I mean the plates and whatever in the kitchen. When I am talking about a roof, I am talking about the canopy roof on the van.

And did it seem to you that the people were throwing stones with the same intensity at Constable Mantewu's house?

... / No

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- No, they threw a few stones at Mantewu's house.

Did you see Mantewu at all that night? -- Yes, after the incident we met, because I went to him.

Exactly when was that that you went to him? -- I would not know what time it was. All I can say is, it was at night.

Was it before the police came? -- No, after the police had been there.

Did the police come and go? -- What happened is, the police came there, we went around looking for these children and later the police left to go and sleep and then I went back to my house.

And was it only after that that you went to Mantewu's house? -- Yes, it is after that.

Do you not recall that Mantewu was with you when you went round with the police to the various houses? -- I would not have looked for Mantewu only amongst the police who were there.

Did you see him? -- No, I did not.

Do you know Constable Mbulelo Tom? -- Yes, I do.

Were you with him that night? -- Yes, he was present also.

Perhaps you can assist us by telling us how many police went to look for children that night? -- We were many because the reservist police were also there.

Are these White reservists from Adelaide town? -- Yes, some from Bedford.

Did you call the police to come there? -- No, I did not.

Do you know Mr Josef Botha? -- Yes, I know the person.

You went to his house that night? -- Yes, he lives not far from me.

I mean that you went there together with some police

... / officers

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

officers? -- That is so.

Do you remember who the other policemen were at his house? -- Those that I remember clearly is Constable Isaac and Constable De Klerk. I was in their company in that van.

When you got there, were the people in the house sleeping? -- No, they were not sleeping. It was just after 20h00.

I am going to put it to you that you were there later that night?

COURT : What do you mean by later?

MR TIP : 23h00 that night? -- That is not so.

And that in fact you and some of the police officers which were with you broke down the door of that home? -- No, all what we did there is, if I can explain, I was the one who knocked at the Botha's house.

COURT : Did you open or did you break down the door? -- No, what happened is, I knocked at the door which was not locked. Because I could hear there were people talking inside and not sleeping, I then opened and entered the house.

MR TIP : And what did you do then? -- When we got into the house the boys were playing cards. We took them with us and locked them up.

Do you mean Josef Botha you took? -- Yes,Josef Botha, Monde NKonki. The elder brother to Josef Botha was there, but because of his age, we left him there.

COURT : How old are Josef Botha and Monde Nkonki? -- Josef Botha I estimate to be about 25 years and this other one Monde Nkonki about 22.

And the elder brother? -- He is in his 40's.

MR TIP : You left the older brother because he was an older person in his 40's? -- Because we were not looking for him.

You were looking for youths? -- We were not looking for

... / youths

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

youths in general. We were looking for Josef Botha and Monde Nkonki.

COURT : Why? -- Because they were at my house. They took part in the attack on my house. That is the throwing at my house.

MR TIP : Did you have to take either of them for medical treatment that night? -- I cannot remember that.

COURT : Does this answer mean that you did not take them or does this answer mean that it is possible that you took them? -- By that I mean I do not know, because immediately after they were taken into custody I returned to my house. As to what happened to them later, I do not know.

MR TIP : Do you remember that both of those persons were taken into custody without any clothes on? -- No, there is no such thing.

COURT : Is it alleged that they were playing strip poker?

MR TIP : No, it is put that this was at 23h00 that night and there were no cards being played at all. -- No, I went there and it was not at 23h00. I am quite certain about that.

Before this incident, had there been any trouble between you and people in the community? -- No, I had no difficulty. In fact I was never involved in any trouble with any person there.

Just to put to you finally that you were with Constable Mantewu and Constable Tom at the house of Josef Botha that night? -- I did not see Mantewu during that time. I only saw him later at his house when I went there. If he was there he did not come into the house and I was not aware of his presence there.

What time do you say that you went to Constable Mantewu's house? -- I cannot recall as to what time it was. All I can say is, after everything was over and it was quiet in the

... / township

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

township, I then went to Mantewu's house.

Did you discuss the events? -- Yes, when I came there I asked him what was happening, where was he at the time when his house was being thrown at.

And what did he say? -- He said he was home but the only thing he had his lights off in the house.

And after that discussion what happened? -- I left to go and guard my house, because the station commander had said we must not sleep that night, every one must guard his house. So, I went to guard my house.

And did you leave Mantewu behind at his house? -- Yes, I left him at his house.

Are you quite certain of that? -- Yes, I am.

And if he had testified that he went with you to see the damage at your house, is he wrong? -- To be honest, what happened after this incident I cannot really recall everything what happened later, because I nearly died and therefore I was myself also in a very difficult situation. What I mean by that is, my attention was on my house and in fact I was thinking about my house and not watching Mantewu, as to where Mantewu was.

Did you understand from what Mantewu said that nothing serious happened at his house because the lights were off? -- No, all what he told me was nothing happened to his house, except for the throwing ofthe stones. After that they passed.

Do you know of any reason why people in the community would regard you in a worse light than Mantewu? -- No, except of course that the difference was, there was a light at my house and they could see my van parked outside. Therefore they knew that I am in the house.

Well, I want to put to you that your account is not true

... / and

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

and that in fact the crowd was not stoning your house? -- If not my house, whose house did they stone?

And also that in fact you fired into the crowd without warning and without good reason? -- I had a reason to shoot at these people. They were throwing at my house and I only shot at them while they were in my yard. One could see from the blunt which was starting from my yard, which then was the reason for me.

WITNESS STANDS DOWN.

COURT ADJOURNS UNTIL 24 JUNE 1986.

K356 COURT RESUMES ON 24 JUNE 1986.

FEZEKILE NEWMAN SPRINGBOK, still under oath

CROSS-EXAMINATION BY MR TIP (continued) : Constable Springbok, you did not see Constable Mantewu at all yourself on 11 April 1985 before the group arrived at your house? -- No, I did not.

You see, he himself has testified here that he stood in front of his house at the time the group was there? -- When the group was there, were, at whose place?

At his place? -- I donot know. I did not see him.

I am just going to put to you that in fact if necessary there will be evidence that he was seen there by the group in front of his house? That is Constable Mantewu was seen in front of Constable Mantewu's house? -- I do not know about that, because I was not with them in their company.

And that they came on to your place without anything serious having taken place at Constable Mantewu's house? -- I am not staying in Mantewu's house. I only heard stones being thrown on the roof of Mantewu's house.

I think I put to you yesterday that you opened fire without any reason and without any warning? -- That is not so.

You mentioned the arrival of the station commander? --

... / That

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

That is so.

Exactly when do you say that he arrived on the scene? -- He arrived there while these people were still throwing stones.

How many shots had you fired? -- I first fired six shots for the first time.

COURT : No, the question is, when he arrived,how many shots had you fired? -- Seven.

The first six shots were they all in the air or not? -- I fired one in the air.

MR TIP : I just want to read to you a small portion ofrom Constable Mantewu's evidence here and ask for your comment. This is at page 5 388. He was asked "Het u later die aand met konstabel gepraat." And it is clear that he means you, Constable Springbok. His answer was "Na die persone gevlug het, het Springbok na my huis toe gekom." He was then asked "Het jy daarna konstabel Springbok se huis gesien?" He replied "Ek is saam met hom weg na sy huis toe. Met ons aankoms daar het ek opgemerk dat die huis se vensterruite stukkend was." My Learned Friend, the prosecutor, then put to Constable Mantewu "Hierdie voorval is toe gerapporteer aan die bevel-voerder?" and Constable Mantewu said "Ja." I want to put it to you that certainly the impression is created from that evidence that as far as Constable Mantewu is concerned, certainly the station commander came into the picture after he had been at your house ? -- No, that is not so.

Because I want to put to you that in fact the station commander and the police with him only came on the scene approximately an hour after he had fired the shots at your house? -- That is not so.

And that it was thereafter that the police conducted a general raid on the youths in the township? -- If the

... / station

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

station commander did not arrive at the time I say he arrived there, I may have been injured as well.

COURT : You would have been injured? -- Yes.

MR TIP : And lastly to this night of 11 April, I want to put to you that the people I mentioned yesterday, Josef Botha and Nkonki were assaulted at the home of Botha by the police who came there ? -- I was one of the police who found them there. They were not assaulted.

COURT : Is it denied that this witness was at the home? -- That he was one of the persons that arrested them?

MR TIP : No, it is not denied. It was in fact put that he was there with ... (Court intervenes)

COURT : Is it put that he participated in the assault?

MR TIP : I cannot put it as strongly as that on my instructions. It is also one that I have been unable to refine for that purpose. I just want to deal very briefly with the pamphlet ABA(3). Do you remember that is the one that you handed in to court yesterday?-- Yes, I do.

In relation to this I just want to put to you that none of the accused and in particular the members of the UDF amongst the accused, accused nos. 19, 20 and 21, have any knowledge of this pamphlet? -- I do not know, because these pamphlets were not found in somebody's personal possession. They were picked up in the premises.

And I want to put to you also that none of the accused has any knowledge of any call by the UDF national office certainly of any stay-away as apparently advertised in this pamphlet? -- I do not know, because I did not ask them either.

The other event that you testified to, the meetings of scholars at the schools, I want to deal with next. On how many occasions did the police fire teargas at the secondary

... / school

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

school? -- I cannot say. I do not know.

COURT : Are we now talking only of the - I think it was three days about which the witness testified or are you talking of a period from that time to the present?

MR TIP : During those days that you mentioned spanning 12 to 16 April 1985? -- Teargas was fired on the 16th. Now many of the teargas was fired, that I cannot tell.

But it was only on one day? -- Yes, on one day.

Again I must preface what I had put to you by saying that I have not been able to test your evidence against instructions particularly directed to that. What I have put to you, what my instructions were before, having heard your evidence, is basically that teargas was fired at the secondary school on 15 April?

COURT : That would now be the Monday? -- No, it was a Tuesday.

MR TIP : We will come to that. I want to ask you on your own evidence 12 April, you recall that you mentioned a group of some 400 marching around the school premises? -- That is so.

And there was no police action? -- No, we did not do anything.

And after about 14h00 the children had gone? -- Yes, they left.

On that day, where did they go to? -- They just left. I do not know where they lived.

Do you mean that they left in the sense of having dispersed and going in all different directions? -- Yes, they left each person going to his or her residence.

On 15 April you said again the police did not take action and I will just read to you my note "Hulle is weg in die rigting van die lokasie. Wat van hulle geword het weet ek nie." -- Yes, I do not know.

... / Was

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Was that again the same situation that they dispersed in different directions? -- That is so.

On the day that the teargas was fired, I want to put to you what was in fact happening at the secondary school. That the scholars were in fact holding a meeting in the hall of the school? -- Well, I am not a scholar. I do not know whether they were holding a meeting or not.

You would not deny that? -- No, I would not.

And that at that meeting they were discussing a series of education related grievances that they had? -- I do not know about that.

And that a large contingent of police arrived, including police reservists and also apparently some defence force personnel. -- That is true. We arrived in the company of the reserve police and the security forces.

COURT : Was it a large contingent? -- Yes, it was.

MR TIP : Do you know at all who arranged for the security force to come to the school? -- No, I do not know.

And what occurred after that is that the scholars in the hall who saw the force arrive, requested the vice-principal of that school, a Mr Funiselo to go and speak and negotiate with the officers there? -- I did not know about that, but when they arrived there, the children were busy outside marching. It was in fact long that they had started marching.

COURT : But it was not a schoolday. The school had been closed by the Department? -- Yes, the school had closed the previous Friday.

MR TIP : So, did the police and reservists and army people come to get every one off the school premises and lock it up? -- We were there to remove them from the premises.

Where do you say they were marching on that day? -- In the

... / school-yard

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

school-yard.

And is that all they were doing? -- Singing.

Yes? -- That is all.

Yesterday you mentioned that they were climbing in and out of the windows? -- That is so.

You did not mention marching yesterday on that day? -- They were marching. On our arrival there they were busy marching.

Do you remember Mr Funiselo coming to speak to the officers? -- I did not see Mr Funiselo.

And I am going to put to you also that the contingent that arrived was by no means as patient as you suggested yesterday. That there was a warning to disperse of five minutes and not an hour? -- No, five minutes was not sufficient for them to leave the school premises.

COURT : No, no, the question is whether a warning was given of five minutes, not whether it would or would not be sufficient? -- No, they were not given five minutes.

MR TIP : Well, I put to you that they were and that you are quite correct that five minutes was not sufficient for them to disperse? -- They were not given five minutes.

And when the teargas was fired, there was general pandemonium? -- I was there. There was no pandemonium.

The scholars jumped the fence to escape from the teargas, tearing their uniforms losing books and shoes and so forth? -- No, they left through the gate.

Just on that. There was just one open gate on the premises on that day. Is that correct? -- That school does not have only one gate.

Only one open gate I said? -- No, the two gates of the school were open.

... / And

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

And I put it to you it was at this only open gate that the large force was assembled? -- No, we did not go and stand at the gate. We stood quite far from the gate so that they could find their way out.

My Lord, again at this stage, I have no further instructions on any of the other matters canvassed by this witness. Subject to again a possible application to Your Lordship at a later stage... (Court intervenes)

COURT : It is not subject to any application. You close your cross-examination. Should anything arise you raise it later on and we deal with that on its merits. That is the way the procedure runs. You can put on record that you have not got full instructions and that I will note and that is the end of the matter.

MR TIP : Well, that is really what I intend to do. I might make the observation once. It is the position we are going to find ourselves in in the next set of witnesses.

COURT : That is very clearly appreciated by this Court that this is a very vast case, one cannot canvass all the possible issues which a witness may raise and obviously that is going to be taken into account eventually when all the evidence is to be valued.

MR TIP : I might just again, I believe it has been remarked in this court that the present circumstances in the country have compounded our difficulties in the sense that people from whom we did get instructions we find are not accessible to us.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U het gemeld dat u na daardie persone Botha en Nkonki toe is omdat dit persone is wat by u huis was met die aanval daar op u huis? -- Dit is so, ja.

Voor u soontoe is, het u die feit gerapporteer aan iemand

... / dat

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

dat dit van die mense is wat betrokke was by u huis in die aanval? -- Ja, ek het dit aan die stasiebevelvoerder gerapporteer.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Konstabel, terwyl ons met Botha en Nkonki besig is, was enige van die twee verwond? -- Nee, geeneen van hulle was verwond nie.

U het reeds gesê hulle was nie kaal toe hulle gearresteer was nie? -- Ja.

Hulle het kaart gespeel? -- Ja, hulle het kaart gespeel.

By die skool toe die polisie daar opdaag sê u was die kinders reeds aan die marsjeer op die gronde? -- Ja.

Hoe het die polisie by die skool opgedaag? Een-een, paar-paar of in groot groepe?-- Ons het gelyktydig daar opgedaag.

HOF : Konstabel, oor die klopjag wat plaasgevind het na die aanval op u huis, was dit 'n algemene klopjag dat alle jeugdiges in die Swartwoonbuurt aangekeer is of was dit 'n spesifieke klopjag in die sin dat mense wat vermoedelik betrokke was by die aanval op u huis wat vermoedelik uitgeken is gearresteer is? -- Die klopjag was bedoel vir die mense wat gesien was by die toneel met die aanval op my huis.

Is die Josef Botha en Nkonki aangekla? -- Ja.

Waarvan is hulle aangekla? -- Openbare geweld.

Is hulle skuldig of onskuldig bevind? -- Die saak is nog nie afgehandel nie. Dit is nog steeds aan die gang.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. FICK : Die volgende getuie se naam is Michael John Waters. Hy getuig ook oor Adelaide.

MICHAEL JOHN WATERS, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n adjudant-offisier in die polisie en u is gestasioneer te Adelaide? -- Dit is

... / korrek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

korrek.

U was gedurende 1985 die stasiebevelvoerder daar gewees? -- Dit is korrek.

Gedurende Maart 1985 is daar beslag gelê op sekere dokumente? -- Dit is korrek.

Ek wil aan u toon 'n dokument, hy is reeds ingehandig as ABA(3). Ken u hierdie dokument? -- Ja, dit is die dokumente hierdie.

Weet u waar is beslag gelê op hierdie dokumente? -- Van hulle was ek by gewees. Dit was in erwe in die Swartwoon-gebiede wat ons beslag gelê het op hulle.

Is dit in New Town? -- Onder andere in New Town.

Op hoeveel van hierdie dokumente is beslag gelê ongeveer? -- Dit is net onder die 500.

HOF : Dit is nou van hierdie spesifieke dokument? -- Ja, van hierdie spesifieke dokument.

MNR. FICK : Dan wil ek met u gaan na 11 April 1985, die aand was u by u woning? -- Dit is korrek.

Wat het gebeur? -- Ek het skote gehoor in die rigting van die Swartwoonbuurt. Ek het na die polisiestasie gegaan en ek en 'n Blankekonstabel is met die patrolliewa na die Swartwoongebied toe. Ek het na New Town lokasie, in die rigting van New Town lokasie gery en by 'n straat daar ingedraai. Die strate het ongelukkig nie name nie, maar ek het twee Swartkonstabels wat in daardie straat woonagtig was.

Watter twee konstabels woon in daardie straat? -- Konstabel Mantewu en konstabel Springbok.

U draai by die straat in en wat gebeur? -- Ek het by die straat ingedraai. Daar is geen ligte in die Swartwoongebied nie, maar in die ligte van die patrolliewa het ek 'n groot aantal Swartmense gesien. Hulle was voor konstabel Springbok

... / se

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

se huis gewees en by die ingang van sy werf. Daar was 'n groot aantal miskien drie-, vier-, vyfhonderd Swartes gewees. Ek het gesien dat hulle klippe en voorwerpe in die rigting van konstabel Springbok se huis gooi. Toe ek nader kom het hulle begin hardloop en ek het uitgespring daar en hulle agterna gesit. Ek het een Swartvrou gearresteer. Daar is nog arrestasies uitgevoer en 'n tweede patrolliewa het toe daar opgedaag. Ek het teruggekeer na konstabel Springbok se huis en daar het ek voor sy huis en binne-in sy erf ongeveer vier messe en 'n handbyl opgetel. Ek het ook gemerk dat aan sy huis die ruite van die vensters gebreek was. Daar was ook merke aan die mure waar dit duidelik was dat stukke bakstene ensovoorts die mure getref het. Ek het konstabel Springbok in sy erf opgemerk daarso. Ek het verder opgemerk dat die ruite van sy bakkie ook uitgegooi was. Die bakkie was binne-in sy erf geparkeer. Ek het ook 'n bloedspoor daar opgemerk.

HOF : Waar was die bloedspoor? -- Daar was druppels bloed, 'n paar druppels bloed, in sy erf en dan in die straat voor sy erf was 'n plas bloed gewees.

MNR. FICK : Gaan voort? -- Konstabel Mantewu het toe daar opgedaag en ek het met die twee gepraat konstabels Springbok en Mantewu en gevra dat hulle nou die persone moet identifiseer wie hulle tussen die skare kon uitgeken het. Hulle het 'n lys van name opgestel en ek het gesê ons moet dadelik begin arrestasies uitvoer.

Die opdrag wat u gegee het met betrekking tot arrestasies, geld dit vir enige jeugdigde in die Swartwoonbuurt of vir mense wie se name op die lys voorkom? -- Mense op die naamlys daar. Ons het toe arrestasies uitgevoer. Ek was by gewees met sommige van die arrestasies. Ons het een - ek het een gekry wat 'n koeëlwond agter die kop gehad het. Hy is per

... / ambulans

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

ambulans hospitaal toe geneem. Daar is later nog een met 'n maagwond gearresteer en nog van die mense op die lys is gearresteer.

Ken u 'n persoon met die naam van Botha, wat daar in die Swartwoongebied woon? -- Ek ken 'n Josef Botha.

Het u gesien of hy gearresteer is die aand? -- Hy is verskeie kere al gearresteer. Ek kan nie onthou of hy daardie aand gearresteer was nie.

En 'n persoon met die naam van Nkonki, ken u so 'n persoon? -- Ek ken vir Nkonki. Sy vader werk vir die Oos-Kaap Ontwikkelingsraad. Ek dink die seun was ook 'n paar keer gearresteer vir klipgooiery en brandstigting.

Weet u of die seun die betrokke aand gearresteer is, Nkonki? -- Ek kan nie onthou nie.

Behalwe die plekke waar u teenwoordig was met arrestasies, was u by die aanklagkantoor later die aand? -- Dit is korrek, toe hulle almal in die selle geplaas was.

HOF : Hoeveel het julle gearresteer daardie aand? -- Ek kan nie onthou nie. Dit mag miskien 12, 14, 16 wees.

MNR. FICK : Was daar enigiemand in die selle wat u gesien het wat nakend was of nakend by die polisiestasie aangebring is? -- Nee, glad nie.

Het u die selle besoek die aand na die arrestasies? -- Nie die aand na die arrestasies nie. Ek het hulle almal in die aanklagkantoor gesien. Ek het vroeg die volgende oggend die selle besoek.

Was daar enige klagtes by u gelê van persone wat gekla het dat hulle nakend gearresteer is? -- Nee, geen, almal was geklee.

Toe u nou die klomp wat gearresteer is in die aanklagkantoor gesien het, watter tyd van die aand of nag was dit

... / gewees

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gewees? -- Die voorval het na na 20h00 plaasgevind en die arrestasies was klaar uitgevoer sê het voor 22h00.

Dan is daar een verdere aspek. Dit is 'n nuwe aspek wat ek met u oor wil handel. Het u op enige stadium gedurende Maart of in die tydperk Maart/April 1985 enige slagspreuke aangetref in die woonbuurt? -- Ek het.

Waar het u die slagspreuke aangetref? -- Dit is 'n ou gebou, dit was die Khobonqaba skool gewees. Dit was gebruik as 'n gemeenskapsaal. Dit was eintlik 'n plankgebou. Daar het ek verskeie slagspreuke opgemerk.

HOF : Op die mure? -- Op die mure geverf.

MNR. FICK : Wat was die slagspreuke wat u aangetref het? -- "Viva ANC, Viva UDF, Viva AYCO."

Waarvoor staan AYCO? -- Ek het agterna uitgevind dat dit Adelaide Youth Congress is. Die afkorting daarvoor.

Het u nog slagspreuke daar aangetref? -- "Viva Mandela." Daar was nog verskeie inskrywings daar op gewees.

U kan dit nie onthou nie? -- Ek kan nie met sekerheid alles onthou nie.

Behalwe dié op die ou skool is daar op ander plekke ook slagspreuke aangetref? -- Daar was.

Op watter plekke? -- Agter daardie gebou is daar nog so 'n kerk en latrines. Ek weet nie of dit openbare latrines is of wat nie. Daar was ook op geskryf.

Wat was op dit geskryf? -- Basies ook dieselfde "Viva AYCO, Viva ANC, Viva UDF, Viva Mandela."

Wat het u gemaak met die slagspreuke wat daar geverf is? -- Ons het dit later doodgeverf.

U het geen foto's laat neem daarvan nie? -- Nee, ek het nie.

Ek wil dan met u gaan na 12 April 1985, die Vrydag. Is u

... /die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die dag of gedurende die oggend na 'n skool toe daar in die Swartwoongebied. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Ongeveer hoe laat is u soontoe? -- Dit was ongeveer 11h00.

Watter skool was dit? -- Amajingqi.

Is dit 'n hoërskool of 'n laerskool soos ons in Afrikaans sê? -- Senior Sekondêre Skool.

HOF : Net om die terminologie op te knap. 'n Senior sekondêre skool gaan tot matriek, St. 10. Is dit korrek. -- Hierdie gaan tot by St. 9.

En 'n junior sekondêre skool? -- Tot St. 6.

MNR. FICK : Toe u daar gekom het 11h00 die oggend het u die hele polisiestasie se lede geneem of het u alleen gegaan of was daar net 'n paar polisiebeamptes saam met u? -- Daar het net 'n paar polisiemanne saamgegaan.

Het daar later nog polisiebeamptes bygekom? -- Ja, daar het gekom en gegaan.

Wat het u gemerk toe u daar gekom het so ongeveer 11h00 die oggend? -- Ek het net die skool dopgehou. Ek het nie na die skool self gegaan nie. Ek was op 'n afstand gewees, toe sien ek die skoolkinders marsjeer om die skool, om die gebou. Hulle het slagspreuke geskreeu en vryheidsliedere gesing.

Van die slagspreuke wat hulle geskreeu het, kan u vir die Hof aandui watter het hulle geskreeu? -- Hulle het ook geskreeu "Viva ANC, Viva UDF, Viva AYCO" en hulle het ook van Thambo geskreeu en dan die liedjie wat hulle meestal gesing het gaan oor Oliver Thambo. Dit beteken Thambo kom, hy is op pad.

Het julle enigsins opgetree daar of het julle hulle net dopgehou? -- Net dopgehou.

Tot wanneer het hulle so aangegaan met die singery en die marsjeerdery? -- Dit het aangegaan tot so na 13h00. Toe

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die skool uitgaan, het hulle maar huis toe gegaan normaalweg.

Dan Maandag, 15 April 1985, is u weer na dieselfde skool toe? -- Dit is korrek.

Watter tyd het u daar by die skool aangekom? -- Ook dieselfde tyd as Vrydag, om en by 10h00 ongeveer.

Wat het u daar aangetref? -- Dieselfde optrede as die Vrydag, om die gebou gemarsjeer, dieselfde vryheidsliedere wat gesing word en slagspreuke en toe merk ek op dat daar vier of vyf van dieleerlinge na die aangrensense skool, na die Khobonqaba Junior Sekondêre Skool is. Hulle het soontoe geloop. Daar is vier skole. Dit is Richard Msutu, Amajingqi, dan Khobonqaba dan Vulundlaba. Die ander drie skole was normaal. Dit was net Amajingqi waar gemarsjeer was. Nadat hierdie vier of vyf leerlinge oorgegaan het na Khobonqaba het die leerlinge van Khobonqaba ook uitgekom en hulle het dieselfde optrede gevolg.

Wat bedoel u met dieselfde optrede? Marsjeer en singery en skreeuery? -- Hulle het afsonderlik van Amajingqi by Khobonqaba om die skool gemarsjeer en dieselfde slagspreuke en vryheidsliedere gesing.

Het die polisie opgetree of wat het gebeur? -- Ons het hulle net so gelos tot skool uitgaantyd. Dit was na 13h00. Toe ek sien dat hulle nie die normale tyd uitgaan nie, het ek nader gegaan. Hulle het toe van self huis toe gegaan. Daar was geen optrede nie.

Die volgende dag, die Dinsdag, 16 April, was u weer by een van die skole? -- Ek was weer daar.

By watter skool? -- Amajingqi.

Hoe laat was u daar? -- Dit was net na 09h00, sê 09h10.

Wat het u gemerk? -- Die kinders was al weer op die terrein. Ek wil net noem dat die klasse al opgeskort was van

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

die vorige Vrydag af. Klasse was by Amajingqi opgeskort. Hulle was dus van Vrydag onwettig op die terrein gewees. Vrydag, Maandag en die Dinsdag. Klasse is al d ie Maandag opgeskort by Khobonqaba, die tweede skool en daar was ook leerlinge by Khobonqaba. Ek het nie genoeg mannekrag gehad om na beide skole toe te gaan nie. Ons het net na Amajingqi toe gegaan. Daar het ek opdrag gegee aan iemand met 'n luidspreker en het ons in beide amptelike tale asook Xhosa vir hulle gesê dat hulle onwettig op die terrein is, dat hulle nie toestemming het om op die terrein te wees nie en dat hulle die terrein onmiddellik moet verlaat. Na 'n ruk was hulle nog op die terrein. Dit was duidelik dat hulle nie van plan was om die terrein te verlaat nie en het ek 'n traanrookgranaat tussen hulle gewerp en toe hulle nog nie wil padgee van die terrein af nie, het ek die lede opdrag gegee om hulle uiteen te jaag. en van die terrein te verwyder. Hulle is toe daar weg. Die skoolkinders by Khobonqaba het self padgegee toe hulle die optrede sien. Ons het geen optrede daar uitgevoer nie.

Toe u by die Amajingqi skool kom, wat was die leerlinge besig om te doen daar? -- Weer besig om te marsjeer om die gebou en die slagspreuke geskreeu en die vryheidsliedere gesing soos die vorige Maandag en Vrydag.

Was daar enige van hulle in die skool? -- Van hulle het by die klaskamers in en uitgespring deur die vensters en deure.

U sê u het hulle per luidspreker meegedeel hulle moet die terrein verlaat en dit was vir u duidelik dat hulle nie van plan was om dit te doen nie. Hoekom sê u so? Wat het vir u aangedui dat hulle nie van plan was om die terrein te verlaat nie? -- Hulle het bymekaar gekom en 'n groep gemaak. Ek het die indruk gekry dat hulle van plan was om ons moontlik aan te val aangesien hulle nou heelwat meer as ons was.

... / U

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

U sê na 'n ruk het u opgetree. Hoe 'n lang ruk was dit gewees? -- So vyf of tien minute.

Die Swartwoongebiede by Adelaide, het hulle raadslede gehad? Was daar 'n raad? -- Ja, daar was 'n raad gewees.

Tot wanneer was daar 'n raad gewees? -- Die raadslede het bedank om en by Maart/APRil 1985.

Is daar nou geen gemeenskapsraad nie? -- Nee.

Sedert daardie tyd? -- Nee, geen. Daar is 'n ander raad aangestel.

Wie beheer nou die Swartwoongebiede by Adelaide? -- Daar is hierdie ander raad wat hulle self gekies het.

HOF : Wie het hom nou gekies? -- Die Swartes het self hierdie raad gekies.

Wat noem hulle hom? -- Hy was eers die Committee of Ten genoem. Hy staan huidiglik bekend as die Committee of Six.

As u nou sê hulle beheer dit, hoe beheer hulle dit? Reël hulle die water en ligte betalings en die huur en al die dinge? -- Nee, hulle is net aangestel deur die Swartgemeenskap vir die onderhandeling met die Oos-Kaap Ontwikkelingsraad en ander instansies wat nou vir die opgradering en opheffing van die Swartwoongebied sorg en om knelpunte te identisiseer en oor te dra.

MNR. FICK : U sê nou hulle was aangestel of gekies, was daar enige verkiesing gewees, wat u van weet, vir hierdie mense of hoe het die ding gebeur? -- Hulle het my op verskeie geleenthede kom sien op kantoor om 'n vergadering te hou en hulle het vir my gesê dat hierdie mense op 'n vergadering gekies was.

Wie is die voorsitter van hierdie komitee? -- Op die oomblik is dit, die een wat al die praatwerk doen, Mkaya Mhana.

Is hy lid van enige organisasie daar? -- Hy is ook die voorsitter van AYCO. Adelaide Youth Congress.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Is dit 'n ou man of 'n jong man? -- Hy is 'n jong man.

Hoe oud is hy? -- Om en by 22.

En die res van daardie Komitee van Ses is hulle ou manne of jong manne? -- Daar is nog een jong man en die ander vier - daar is twee wat redelik bejaard is, twee wat so middeljarig is.

MNR. FICK : Behalwe hierdie Mkaya Mhana, weet u of die ander aan enige organisasies daar behoort? -- Daar is nog een, die ander jong een wat ek nou genoem het. Ek sal net 'n paar minute nodig hê om te dink wat is sy naam. Ek ken hom goed. Op die oomblik is hy by Thembuletu of Cape Teachers College in Fort Beaufort 'n student. Hy is ook 'n lid van Adelaide Youth Congress.

U sê hulle is die mense wat kom onderhandel met u om vergaderings te hou en - met die Administrasieraad oor klagtes wat hulle in die woongebied het? -- Dit is korrek.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP : Adjudant Waters, miskien kan u my 'n bietjie help met die ligging van die verskillende woonbuurtes daar. U woon seker in Adelaide self? -- Dit is so. Ek was tot onlangs toe stasiebevelvoerder daar. Ek los af op die oomblik as stasiebevelvoerder op Bedford, 'n buurdorp.

Ek praat natuurlik van April 1985? -- Dit is korrek.

Daar is drie Swartwoongebiede? -- Nee, daar is agt in die ou deel en daar is nou 'n nuwe een.

New Town is dit nou die nuwe deel? -- Nee, dit is die nuutste woonbuurt van die ou deel.

In vergelyking met die dorp Adelaide self, is New Town geleë aan die verste end van die ou deel? -- Nee. Ryhini lokasie is eerste, dan Jampo lokasie, dan Mdubane, dan Thembane, dan is dit New Town lokasie, dan is dit Bongweni,

... / dan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

dan Spioen en dan gaan 'n mens oor die bult na die nuwe deel toe waar die skole geleë is. Dit is agt alles en alles. Fairview het ek uitgelaat. Fairview is aan die oostekant van New Town.

HOF : Is daar agt? -- Agt in die ou deel.

MNR. TIP: Is New Town om en by die sesde deel van die ou woonbuurt van Adelaide se rigting af?-- Ek sal nie sê dit is die sesde een nie. Dit is 'n wye streek waar dit lê. Tussen die Blankedorp sal ek sê lê Ryhini lokasie en ... (Mnr. Tip kom tussenbei)

Ek wil u daar onderbreek. Ek glo nie al die inligting is nodig nie. Laat ek dit so aan u vra. Hoe ver is New Town van Adelaide? -- Van die Administrasiekantore is die laaste gebou in die Blankedeel en van daar af na die naaste plek in New Town is sê maar ses-, sewehonderd meter.

Van u huis na New Town hoe ver sou u dit skat? -- Miskien 'n bietjie verder. Miskien agthonderd meter soos die kraai vlieg. Ek grens aan die treinspoor my huis daar. So, dit is ook aan die een kant van die dorp naaste aan die lokasie.

HOF : Hoeveel Swartmense woon daar in die lokasies? -- is 13,000.

En hoeveel Blankes is daar in Adelaide? -- 1,600 en iets.

Dit is nou in die dorpie? -- Ja. Daar is so 2,300 Kleurlinge.

MNR. TIP : En woon u naby die polisiestasie? -- Nee, ver van die polisiestasie af.

Omtrent hoe ver? -- Ses-, sewehonderd meter. Vir die Blankedorp is dit nou redelik ver van die polisiestasie af.

HOF : So, vir u wat van Johannesburg kom is dit nie ver nie?

MNR. TIP : Dit is glad nie ver nie. Op die aand van 11 April, u het getuig dat u skote gehoor het van die rigting

... / van

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

van New Town af? -- Dit is korrek.

Of ten minste van die Swartwoongebied? -- Dit is korrek.

Kon u eerstens identifiseer van waar in die Swartwoonbuurt die skote geklap het? -- Ek het net 'n idee gehad. Ek ken die Swartwoonbuurt baie goed daar en ek het 'n idee gehad dit was van New Town, van daardie rigting af.

Hoeveel skote is geskiet? -- Ek kan nie onthou nie. Dit mag miskien drie of vier skote wees.

Het u 'n klomp skote aanmekaar gehoor en toe was dit weer stil? -- Ek sal nie sê dit was 'n klomp skote nie. Dit was so twee skote en dan 'n ruk, dan weer 'n skoot. Dit was nie ses skote of vyf skote of wat ook al sommer aaneen nie.

Maar op die stadium wat u van u huis na die polisiestasie toe gegaan het, het u op hierdie stadium nog skote gehoor of was dit toe stil gewees? -- Ek dink ek moes - ek kan aanneem dat daar ses skote gevuur was. Ek sal sê hier na drie of vier skote was ek alreeds op pad polisiestasie toe. Dit is hoekom ek sê ek glo nie ek het al die skote gehoor nie.

Hoe lank het dit geduur vandat u van u huis tot by die polisiestasie gery het en toe weer van daar af na die Swartwoonbuurt? -- Binne enkele minute.

Het u enigsins verdere skote gehoor na u die huis verlaat het voordat u by die betrokke straat uitgekom het? -- Nee, ek het nie.

Woon daar baie Swartkonstabels in die Swartwoonbuurt? -- Op daardie stadium ses.

In verskeie dele daar? -- Dit is korrek.

Toe u die skote gehoor het, het u afgelei dat dit van die Swartkonstabels moes gewees het wat die skote gevuur het? -- Dit is korrek.

Het u eers na van die ander konstabels gery of direk

... / na

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

na die straat waar konstabels Mantewu en Springbok gewoon het? -- Direk.

Hoekom is dit so? -- Omrede twee ander konstabels in Jampo lokasie woon, een in Mdubane en een in Thembane wat ver van New Town af is, in die teenoorgestelde kant as New Town reg agter my huis so te sê.

Het u eers verby konstabel Mantewu se huis gery? -- Dit is reg.

Maar u het nie daar stilgehou nie? -- Nee, ek het reg verbygegaan.

Presies waar was konstabel Springbok toe u hom vir die eerste keer opgemerk het? -- Hy was in sy erf, die voorkant - sy bakkie was geparkeer met die voorkant by die erf in. Hy was aan die voorkant van die bakkie gewees.

Wat was hy daar besig om te doen? -- Hy het daar gestaan. Hy was baie geskok.

Hoe lank daarna het konstabel Mantewu daar opgedaag? -- Ek het reeds gesê toe ek daar stilhou, toe volg ek die mense in. Ek het hulle self agterna gesit met die voet. Ek het een gearresteer. Ek het teruggekeer en toe kry ek Mantewu daar.

En u het op hierdie stadium 'n gesprek gevoer met beide konstabels, dit is konstabels Mantewu en Springbok? -- Dit kan ek nie onthou nie. Ek het met elkeen gepraat, maar ek kan nie sê hulle was saam op daardie stadium nie.

Kan u nie 'n bietjie terugdink nie? U getuienis was Mantewu het toe opgedaag en u het met die twee gepraat en gevra hulle moet persone identifiseer wat hulle kan uitken.-- Dit is heeltemal korrek, ek het met altwee gepraat, maar ek kan nie sê of ek met hulle saam gepraat het en of ek met een alleen en afsonderlik gepraat het nie. Dit is wat ek bedoel.

... / Hoeveel

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Hoeveel lyste is opgestel van name? -- As ek reg onthou het elkeen sy eie lys opgestel. Mantewu het 'n lys opgestel en Springbok het 'n lys opgestel. Daar kon moontlik nog 'n lys gewees het. Ek kan nie onthou nie.

Het u 'n lys opgestel? -- Nee.

Het die Blankekonstabels saam met u 'n lys opgestel? -- Nee, ek kan nie glo dat hulle 'n lys opgestel het nie.

Wie was die Blankekonstabel wat saam met u gery het? -- Konstabel De Klerk.

Ek wil dit aan u stel dat u eintlik daar opgedaag het 'n hele ruk na hierdie voorval van die skietery deur konstabel Springbok en dat dit eintlik sowat 'n uur daarna was. -- Daar is glad nie waarheid daarin nie. Ek het onmiddellik daar opgedaag en ek glo ek het sy lewe gered daarso.

Was konstabel Springbok saam met u toe u die messe en handbyl opgetel het? -- Ek kan nie onthou nie.

Het u die goed vir hom gewys? -- Ek glo ek het dit vir hom gewys, maar ek kan nie onthou nie.

Was u ook 'n bietjie geskok die aand? -- Nee, wat ek was nie rêrig geskok nie.

Was u saam met van die ander polisie na verskillende huise in die woonbuurt om arrestasies uit te voer? -- Sommige arrestasies, ja.

Hoeveel arrestasies het u uitgevoer? -- Ek persoonlik het een uitgevoer. Een wat ek op die toneel gekry het, het ek gearresteer.

Maar ek praat nou van arrestasies wat by huise in die woonbuurtes uitgevoer is, was u daarby? -- Ek was by gewees, maar ek was nie met almal by nie.

By om en by hoeveel was u betrokke? -- Ek kan nie onthou nie.

... / Kan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Kan u nie 'n skatting gee nie? -- Nee, ek kan glad nie onthou nie.

Dit is iets ongewoon dat konstabels in die Mag skote afvuur op persone in sulke omstandighede, is dit nie so nie? -- Nee, ek glo nie. Ek dink sy huis was aangeval en hy het hom self verdedig.

Daar was geen insident van 'n soortgelyke aard wat voor die tyd plaasgevind het nie? -- Dit is die eerste aanval op die huise op Adelaide wat ek van weet.

Hoe kan u geen skatting maak van die aantal persone wat gearresteer was waarby u betrokke was nie? -- Daarna het ek verskeie sake ondersoek, "necklace" moorde, arrestasies uitgevoer, brandstigting. Van hierdie Swartpolisiehuise is tot 38 keer aangeval wat hulle totaal uitgebrand is. Ek kan nie van elke keer onthou nie.

Kan u onthou of u saam met konstabel Springbok was gedurende die uitvoering van die arrestasies? -- Ek kan nie onthou nie. Gewoonlik vat ek konstabel Tom saam met my.

Was u saam met konstabel Tom die aand? -- Van die arrestasies was ek seker saam met hom, maar ek kan nie sê ek was heelaand saam met hom nie. Ek was nie heelaand saam met een spesifieke lid nie.

Hoeveel lede van die Mag was die aand betrokke met die uitvoer van arrestasies? -- Miskien tien of twaalf.

Het u hulle daar na die toneel ontbied? -- Dit is reg. Toe ek die eerste keer na die toneel gaan, toe los ek 'n boodskap by die aanklagkantoor, toe sê ek bel die reserviste en bel ander lede sodat hulle kom help.

Het u gesê waarheen hulle moet ry? -- Dit het ons per radio gedoen. Ons was die heeltyd in radioverbinding met die aanklagkantoor.

... / Het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Het u die lede in verskillende groepe ingedeel om na verskillende plekke te gaan om arrestasies uit te voer? -- Nee, ons was te min daarvoor. Ons het maar as 'n groep saam gegaan, maar daar was huise, sê nou maar daar is drie of vier huise bymekaar, dan het hier twee of drie manne per huis gegaan.

Sê u dat al die lede saam beweeg het in die uitvoering van arrestasies?

HOF: Die getuie sê dat hulle as 'n groep beweeg het omdat hulle so min was, maar waar daar 'n klompie huise bymekaar was, het hulle verdeel en 'n paar van hulle het na elke huis gegaan.

MNR. TIP : Is dit so? Het julle saam gery in twee of drie voertuie? Hoeveel voertuie was daar? -- Ja, drie voertuie. As daar drie manne in 'n voertuig is, dan beweeg ons met die drie voertuie, sê maar drie, vier manne per voertuig.

Wie het besluit waarheen hulle moet ry? -- Ek het volgens die lys gewerk. Ek het met die naastes begin.

Was die lys aan u oorhandig of was u saam met ander lede? -- Ek het nie die lys in my hande gehou nie, maar die een wat saam met my was, het heeltyd die lys by hom gehad.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K357 MICHAEL JOHN WATERS, v.o.e.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP (vervolg) ; Adjudant, konstabel Springbok, was hy volgens u getuienis voor by die ingang van sy erf? -- Nee, agter die voorkant van sy bakkie binne-in sy werf.

In watter rigting het die bakkie gestaan? -- Met die agterkant na die straat.

U het self geen persone van die groep binne-in sy erf opgemerk nie? -- Dit was net binne-in die ingang van die erf waar ek hulle gesien het.

... / Volgens

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Volgens u waarneming was konstabel Springbok eintlik omsingel deur die mense? -- Nee, nie omsingel nie, maar die hele voorkant van die straat was volgens mense gewees.

Was hulle baie naby aan hom gewees? -- Ja, sy voordeur is 'n meter, 'n meter en 'n half van die pad af.

Sê u dan dat lede van die Mag ongeveer 'n meter tot 'n meter en 'n half van konstabel Springbok af was? -- Ek weet nie waar was hy op daardie stadium nie.

Is u seker dat u opgemerk het dat die ruite van sy bakkie uit is? -- Ja, ek dink so. Ek dink dit was die agterkant.

Ek wil dit net aan u stel dat direk nadat konstabel Springbok begin skiet het, het die mense daar begin vlug? -- Ek sal nie weet nie.

U sal nie weet nie?-- Hulle het seker teruggekom. Ek getuig net wat ek gesien het. Toe ek daar kom is hulle in die straat, reg voor sy huis en binne-in sy werf.

Dan stel ek dit ook aan u dat op die stadium dat u daar aangekom het, die mense al lankal op vlug geslaan het? -- Nee, dit is onwaar. Ek het daardie een self daar gearresteer.

U was in hoofgetuienis daaroor uitgevra, maar ek stel dit baie kortliks aan u dat mnre. Botha en Nkonki aangerand was deur die polisie in die loop van die arrestasie? -- Ek dra nie kennis daarvan nie. Hulle het geen klagte aangemeld nie.

Dat hulle wel sonder hulle klere by die huis uitgeneem is en later mediese behandeling ontvang het? -- Ek weet nie daarvan nie. Hulle was nie sonder klere by die polisiestasie nie.

Dan gaan ek na 'n ander aspek. Die slagspreuke wat op die mure van verskillende geboue geverf is, verstaan ek u reg dat ten tye van die opmerkings, die ou Khobonqaba skool in



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

gebruik was as 'n gemeenskapsaal? -- Ek weet nie waarvoor hulle hom gebruik het nie, maar ek het verstaan hy was aan die vorige raad geskenk deur die skool. Ek noem dit maar 'n gemeenskapsaal. Ek weet nie of hulle hom gebruik het nie. Ek het nooit mense daar gesien nie.

U het nooit mense daar gesien nie? -- Nee, maar ek neem aan hy is in gebruik.

U het melding gemaak van twee verskillende geboue waarop slagspreuke geverf was? -- Dit is korrek.

Was dit min of meer op dieselfde tyd wat u die opmerkings gemaak het? -- Ja, min of meer. Hulle is dood geverf en dan is hulle weer geskryf. Hulle is nog steeds daar geskryf. Daar is ander slagspreuke nou op geskryf.

U het geen foto's laat neem nie? -- Nee.

Het u dit nie nodig geag as moontlike bewys in geval enige persone gearresteer mag word nie? -- Ek het die slagspreuke gerapporteer aan veiligheidspolisie en ek het aangeneem dat hulle die foto's sou geneem het daar.

Die Senior Sekondêre Skool Amajingqi, dra u kennis van die feit dat dit geen St. 9 of St. 10 klasse het nie? -- Ek dink St. 9, maar definitief nie St. 10 nie. Ek weet daarvan.

En dat dit een van die griewe was van die skoliere wat daar geloop het? -- Ja, ek weet daarvan.

Volgens u getuienis was daar net een geleentheid waar daar gebruik gemaak is van traangas by die skool? Gedurende die tydperk? -- Dit is korrek, ja.

Ek stel dit op dieselfde manier as waarop ek dit aan konstabel Springbok gestel het dat u eintlik die gebeurtenis op 15 April plaasgevind het waar daar traangas gebruik is? -- Nee, ek moes magtiging kry of opdrag kry van die kring-

... / inspekteur

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

inspekteur, mnr. Du Toit van Queenstown om op te tree op die terrein. Ek het sy opdragte uitgevoer en versoeke.

Was dit u inisiatief of syne dat daar opgetree moet word? -- Dit situasie sou bepaal het, as hulle vreedsaam van die terrein af sou gegaan het, sou daar geen optrede gewees het nie.

HOF : Is u versoek om hulle van die terrein af te verwyder deur die kringinspekteur of het u besluit dat dit 'n situasie is wat u moet optree en toe eers magtiging gekry van die kring-inspekteur? -- Die kringinspekteur het my versoek om hulle te verwyder van die terrein.

MNR. TIP : En u het daar opgedaag met lede van die polisie asook reserviste? -- Dit is korrek en daar was kommandolede ook, maar die kommandolede het glad nie deelgeneem aan enige aktiwiteite daar nie.

Omtrent hoeveel manne was daar teenwoordig? -- Polisie-manne en reserviste was daar seker veertien, vyftien.

En van die kommando? -- Ek weet nie. Dit mag miskien dertig van hulle gewees het.

Daar was ongeveer vyf-en-veertig manne tot u beskik-king? -- Dit is moontlik.

En u opdrag was eintlik om hulle van die terrein af te verwyder? -- Die versoek was dat hulle die terrein moes verlaat het.

Maar u het die manne van die verskeie magte bymekaar gemaak en na die skool gegaan met die spesifieke doel om die leerlinge van die terrein af te verwyder? -- Eerstens, ek was nie saam met die kommando nie. Die kommando was nie saam met ons nie. Ons het afsonderlik gewerk. Hulle was net ter ondersteuning ingeval enigiets sou gebeur het. Hulle het net stelling ingeneem in die straat. Hulle was glad

... / nie

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

nie op die terrein nie.

In die strate in die onmiddellike omgewing van die skool? -- Daar was net een straat reg voor die skool. Hulle was in daardie straat.

Het u manne gebruik gemaak van sambokke en knuppels? -- Nie knuppels nie, slegs karwatse.

Om terug te kom na my stelling, dit was u doel om die skoolkinders van die terrein af te verwyder. Dit is waarom u daarheen gegaan het. Is dit nie so nie? -- Nee, dit is nie die doel waarvoor ek soontoe gegaan het nie. Ek het gegaan om hulle te versoek om die terrein te verlaat. Ek het besef as hulle nie die terrein verlaat nie, sal ons moet optree. Dit is vanselfsprekend.

Het u direk na u aankoms daar die kinders oor die luidspreker gewaarsku om die terrein te verlaat? -- Ons het eers die situasie van 'n afstand dopgehou en nader gegaan en 'n minuut of twee daarna, het ek seker vir hulle die boodskap oor die mikrofoon gegee.

U getuienis is dat u die opdrag in beide tale en in Xhosa gegee het dat hulle onmiddellik die terrein moet verlaat. Is dit so? -- Dit is reg. Ek het gesê hulle moet onmiddellik, maar ek het ook gesê ek sal hulle nog 'n kans gee om die terrein te kan verlaat, maar hulle moet dit onmiddellik verlaat.

U het seer sekerlik nie gesê dat hulle 'n uur gegun word nie? -- Ek kan nie onthou watter tyd ek hulle gegee het nie. Ek het net gesê ek sal hulle 'n redelike tyd gee. Ek kan nie onthou wat ons oor die mikrofoon uitgesaai het nie, maar dit was 'n redelike tyd, ek weet.

Daar is nou drie tye deur u genoem. Onmiddellik, 'n redelike tyd, u onthou nie of dit 'n uur kon gewees het nie.

... / Die

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Die tyd wat ek genoem het is die tyd wat ek opgetree het. Nadat ek daardie waarskuwing gegee het, vyf of tien minute daarna het ons opgetree, maar in die waarskuwing het ons vir hulle gesê ons sal hulle ŉ redelike tyd gee. Ek kan nie onthou of ek gesê het dit is ŉ uur of ŉ halfuur nie. Ons het net een doel gehad en dit is om hulle vreedsaam van die perseel af te kry.

In elk geval stel ek dit aan u dat volgens die skoolkinders was dit ŉ vyf minute periode wat vir hulle gegee is. Kan dit so wees? -- Dit is nie ŉ vyf minute periode wat gegee is nie. Dit is seker vyf minute daarna wat ons opgetree het. Dit is moontlik. Daardie skool is heeltemal oop. Daar was geen draadomheinings om hom nie. Hulle kon maklik uit hulle eie uit huis toe gegaan het.

Onthou u dat mnr. Funiselo, die vise-prinsipaal van die skool die polisie genader het die oggend? -- Dit is korrek, ja. Op die skoolterrein.

HOF : Het hy met u gepraat? -- Hy het nader gekom. Ek het hom gesê sy opdragte is dat hy in die personeelkamer moet gaan wag. Dit is volgens die kringinspekteur wat vir my gesê het die vise-prinsipaal asook alle onderwysers moet in die kamer gaan wag daarso, en dat ek slegs met die skoolhoof, mnr. Kwatsha, moet praat.

MNR. TIP : Toevallig was die skoolhoof op hierdie stadium nie by die skool nie? -- Ek weet nie.

Ek stel dit aan u dat die skoolkinders op hierdie stadium besig was met ŉ vergadering in van die sale op die skoolterrein met u aankoms? -- Nee, hulle was buite gewees.

En dat dit op hulle versoek was dat mnr. Funiselo u genader het om die situasie te ontlont of ŉ oplossing te vind? -- Ek weet nie, maar daar is ŉ telefoon daar en hy het

... / telefonies

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

telefonies die hele tyd kontak, die heel oggend en die vorige dag en die Vrydag met die kringinspekteur gehad en mnr. Kwatsha het die oggend ook met die kringinspekteur gepraat. Ek het nie die noodsaaklikheid gesien hoekom ek met hulle moes praat nie.

Ek wil dit net ook aan u stel dat my opdragte is dat daar wel 'n omheining om die skool is, dat daar hekke was, dat daar net een hek was wat oop was en dat u manne daar bymekaar was? -- Daar is nou 'n hoë draadomheining om die skoolgebou wat daarna opgesit is. Ek ken die Swartwoonbuurt baie goed daarso en dit was definitief nie daar gewees op daardie stadium nie. Die skool aan die agterkant grens aan 'n droë rivier. Hulle kon baie maklik daar deurgehardloop het as hulle wou, as hulle bang was om voor uit te gaan.

En dat na die polisie-optrede daar 'n algehele pandemonium losgebreek het? -- Nee, hulle het maar huis toe gehardloop, dieselfde as Khobonqaba skool. Huis toe gegaan en daar was geen verdere voorvalle nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U het melding gemaak van 38 aanvalle wat daar op die polisie se huise was. Kan u net meer daarop uitbrei. Is dit by een spesifieke huis of in totaal by al die huise?

HOF : Is dit in die tydperk van die klagstaat eerstens en tweedens, hoe kom dit nou in by u hoofgetuienis? Dit is net gedoen om te verduidelik waarom hy nie elke besonderheid kan onthou nie. Wil u 'n ondersoek hê na alle aanvalle op die polisiehuise sedertdien tot vandag toe?

MNR. FICK : Nee, ek wou net daardie aspek opgeklaar het of dit in totaal is en of dit by een huis is.

HOF : Is die 38 aanvalle op een huis? -- Die 38 wat ek genoem het, is konstabel Zonki se huis. Een huis.

... / MNR. FICK

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

MNR. FICK : U sê daar was op daardie stadium nie 'n heining nie. Was daar enige hekke gewees? Pilare met hekke op sonder heinings of was daar niks? -- Aan die voorkant mag daar miskien 'n lae heining gewees het met 'n hel by die voorkant. Die agterkant en die kante het definitief nie 'n heining gehad nie.

Die mnr. Funiselo wat daar na u toe gekom het die dag van die 16de, die oggend, het hy met u gepraat en gesê wat hy vir u wil kom sê of het hy nie kans gekry om sy sê te sê nie? -- Nee, hy het nie kans gekry nie, want die groep wat 'n groot groep was, was onmiddellik agter hom en toe hy nader stap het hulle agter hom gestap in ons rigting en ek het nie gevoel dat dit nou raadsaam sou gewees het om 550 leerlinge 'n meter van jou af weg te hê nie. Toe het ek vir hom gesê ek het niks vir hom te sê nie.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Adjudant, die kringinspekteur, het hy verslag ontvang van die prinsipaal of die hoof van die skool van die vergadering of het u met die kringinspekteur in verbinding getree? -- Die kringinspekteur was daagliks met my in verbinding asook met die skoolhoof, want soos ek reeds gesê het, die klasse was reeds van Vrydag opgeskort by Amajingqi. Hulle moes Vrydag nie op die terrein gewees het nie. Ook nie Maandag nie, ook nie die Dinsdag nie. Die kinders moes glad nie daar gewees het nie. Die klasse was opgeskort.

Het u of die kringinspekteur rede gehad om moeilikheid te verwag omdat die kinders by hulle skool vergader het op die terrein? -- Die kringinspekteur het eerstens gesê dit is 'n skoolterrein en hulle moet normale skoolwerk daar doen, dat hy nie sy terrein gaan gebruik vir vergaderings nie en dat hulle moontlik met so 'n vergadering die geboue beskadig

... / het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

het of selfs die onderwysers beseer het.

Dit was die skoolhoof se bekommernis? -- Die kringinspekteur.

HOF : Ek wil net duidelikheid kry oor hierdie kwessie van die waarskuwing. U het daar gekom en op 'n stadium het u besluit hulle moet gewaarsku word. U het hulle gewaarsku in drie tale, Afrikaans, Engels en Xhosa. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Het u in u waarskuwing gesê "Ek gee julle soveel tyd om uiteen te gaan"? -- Daar was 'n spesifieke tyd genoem.

U het 'n tyd genoem? -- Ja, ek het 'n tyd genoem, maar ek kan nie nou onthou wat dit was nie.

Was die tyd vyf of tien minute of was die tyd 'n halfuur of meer? -- Ek dink dit was 'n halfuur of meer.

As ek u getuienis reg verstaan het, het u opgetree voor daardie tyd, wat dit ook al was, verstreke was? -- Dit is korrek.

Wat was die rede vir die vervroegde optrede? -- Ek het gesien hulle het 'n groep gemaak daarso en toe mnr. Funiselo my nader, soos ek gesê het, het die groep agter hom aangekom en ek het gevrees dat hulle ons moontlik sou aangeval het, wanr daar voor was ons maar veertien of vyftien of wat ook al polisiemanne. Ons was maar met t raangas en karwatse gewapen asook enkel haelgewere.

So, het die onderwyser dan ook deurgeloop onder die traangas, Funiselo? -- Dit kan wees.

HER-KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP : Adjudant, ek wil u net vra hoe versoen u die antwoord wat u nou aan Sy Edele gegee het dat dit ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit nuwe aspekte?

MNR. TIP : Dit is 'n helderder vraag wat u gevra het.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Ek dink u kan dankbaar wees dat ek die saak opgehelder het wat u modderig gelaat het, maar vra maar die vraag.

MNR. TIP : Dan ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, ek wil u nie stop nie. U kan hom weer modderig maak.

MNR. TIP : Dit is seker nie my doel nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. FICK : Die volgende getuie wat die Staat roep sal oor paragraaf 28 bladsy 80 van die besonderhede getuig. Dit is Cookhouse.

GINGIZI MICHAEL MVELASI, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie en u is gestasioneer te Cookhouse? -- Dit is so.

U was gedurende Maart 1985 woonagtig by die Swartwoonbuurt te Cookhouse. Wat is sy naam? -- Pongweni lokasie en Gqotane is die straat se naam.

Op 13 Maart 1985 gedurende die aand was u daar in die woongebied? -- Ja, ek was daar.

Hier na 19h00 wat het u opgemerk daar in die straat? -- Ek het 'n hele groot klomp kinders gesien wat in die straat gesing het. Ek skat ongeveer 200 van hulle was daar.

Het hulle stil gestaan in die straat en gesing of het hulle deur die strate geloop en sing? -- Hulle het geloop en sing.

Die kinders wat u van praat, kan u hulle in enige ouderdomsgroep plaas? -- 15, 16 en 17 is die ouderdomme.

U sê hulle het geloop en sing. Wat het hulle geloop en sing? -- Hulle het van Botha en Le Grange gesing.

... / Wat

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wat het hulle van hulle gesing? -- Hulle het gesê hulle is honde.

Het hulle enigiets geskreeu toe hulle so gestap het? -- Ja "Viva Mandela" het hulle geskreeu.

Nog iets? -- Hulle het ook van Thambo melding gemaak.

Wat het hulle van hom melding gemaak? -- Hulle het gesê hulle soek vir Thambo hy is die leier van hulle of die koning van hulle.

Tot hoe laat het hierdie skreeuery en singery nou aangegaan in die strate? -- Tot om 22h00 van 19h00 af. Toe ek hulle die laaste gehoor het, was dit om en by 22h00.

Na 22h00 wat het toe gebeur? -- Ek het gehoor dat die huis van 'n polisieman gegooi word. Dit is 'n polisieman wat 'n entjie ver van my huis af woon. Sy huis is daar geleë.

Laat ons dit net duidelik kry. Het u by iemand gehoor daar word 'n polisieman se huis gegooi het het u gehoor daar word 'n huis gegooi en het u ook gesien dit is 'n polisieman se huis? -- Ek het self gehoor dat daar na 'n huis gegooi word en toe 'n skoot ook gehoor.

Wat maak u toe? -- Ek is soontoe, dit wil sê die plek waar daar geskiet word.

Wat vind u toe u daar kom? -- Met my aankoms by hierdie huis was hierdie polisieman tuis. Hy het ook aan my gesê dat sy huis met klippe aangeval is. Ek het dit ook self gesien.

HOF : Wat is die polisieman se naam? -- Konstabel Baliwe.

MNR. FICK : Hoe ver is die huis van u huis af? Kan u 'n aanduiding gee vir die Hof? -- Dit is 'n entjie ver van my huis af. Dit is eintlik by 'n ander straat.

Het u enige skade gesien daar by die huis? -- Ja, ek het.

... / Wat

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wat het u gesien wat is beskadig? -- Die vensters was gebreek. Daar was klippe op die dak van sy huis, die muur van die huis was swart gebrand.

Is dit aan die buitekant of aan die binnekant wat dit gebrand was? -- Die binnekant. Ek het deur die venster gesien dat die binnekant gebrand was.

HOF : In een van die kamers? -- Ja, dit is die sitkamer.

MNR. FICK : Kon u sien of enigiets anders gebrand het behalwe die muur, gordyne, meubels of enigiets? -- Die gordyne van die eetkamer was gebrand gewees. Eintlik is dit die sitkamer.

Toe u nou daar inkom by Baliwe se huis, was daar enige mense gewees of was dit net Baliwe wat u daar gevind het? -- Hy alleen was daar gewees.

Daar was geen mense in die strate of iets van die geaardheid wat u kon sien nie? -- Nee, daar was niemand met my aankoms daar nie.

U is na 'n ruk daar weg? -- Ja, terug na my huis toe.

Wat het u gedoen? Het u gaan slaap of u huis opgepas? -- Ek het die huis opgepas tot 01h00.

Die nag? -- Ja.

Het u toe gaan slaap? -- Ja, na 01h00 het ek gaan slaap.

En het daar iets gebeur gedurende die res van die nag? -- Ja, daar het.

Wat het gebeur? -- Terwyl ek nog geslaap het om 01h30 het ek gehoor dat my huis met klippe aangeval word teen die huis, die vensters orals. Wat het toe gebeur? -- Ek is toe uit die huis uit na buite toe.

Het u enigiemand gesien daar? -- Ek het baie persone daar gesien.

Waar was hulle? In die straat, in die erf? -- Op my erf

.../ voor

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

voor my huis.

Het hulle met u gepraat of gesing of geskreeu? -- Hulle het nie geskreeu nie. Hulle was net besig om die huis met klippe te bestook.

Wat maak u? -- Ek het toe geskiet om hulle weg te dryf van voor my huis.

Is hulle weg? -- Hulle het gevlug. Ek het hulle toe gelos.

Behalwe vir hierdie aand van 13 Maart wat die mense van 19h00 af in die straat geloop en sing het, wat het op ander aande gebeur? Was dit stil of wat is die posisie? -- Hulle sing elke aand om 19h00 in die strate. Dit is die kinders.

HOF : Is dit nou na die dag? -- Voor en na die dag het hulle gesing.

MNR. FICK : En die sing wat u van praat, is dit die goed wat u vir die Hof gesê het wat hulle sing, die liedere? -- Ja, dit is al liedere wat hulle sing.

Kan u vir die Hof 'n aanduiding gee behalwe die aanval die nag van die 13de en die 14de by u en Baliwe, was daar enige vorige aanvalle op polisie se huise gewees in Maart 1985? -- Bedoel u by die plek waar ek woon?

Weet u of daar na hierdie voorvalle by u en Baliwe se huis die nag van 13 en 14 Maart in Maartmaand 1985 enige ander aanvalle by ander polisiemanne se huise was of weer by u huis? -- Dieselfde nag van die aanval by my en Baliwe se huise, was sersant Mbenge se huis ook aangeval.

Woon hy in dieselfde woongebied as u? -- Ja, in dieselfde lokasie maar by 'n ander straat, 'n entjie ver.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - -

... / KULIE

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

KULIE JOSEF BALIWE, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie en gestasioneer te Cookhouse? -- Ja, dit is korrek.

En u woon in die Swartwoongebied van Cookhouse met die naam van Bongweni? -- Ja, dit is so.

Gedurende Maart 1985 het u op verskeie geleenthede 'n gesingery gehoor? -- Ja, dit is so.

So 50 meter van u woning af is 'n kerkperseel van die Anglikaanse Kerk. Is dit korrek? -- Ja, dit is korrek.

Hierdie singery wat u van praat wat u waargeneem het, waar het u dit gehoor? -- By die kerk.

HOF : In die kerk? -- Ja, binne-in die kerk.

MNR. FICK : Was dit bedags, saans of wanneer was dit? -- Dit het gewissel. Partykeer was die singery in die dag gewees, in die aand en laat in die nag.

Het u self na die perseel toe gegaan en gaan kyk wat daar aangaan? -- Nee, nie eers een dag nie.

Wat is daar gesing? Kan u vir die Hof sê? -- Dit was verskillende liedere gewees al het ek nie presies gevolg waaroor dit gaan nie, maar melding was gemaak in die singery van die liedere van Botha. Partykeer was dit Le Grange en partykeer was dit Boesak. Dit was eintlik verskillende liedere gewees wat daar gesing was.

Was daar enigiets geskreeu in die kerk behalwe die gesingery? -- Ja, "Viva Comrades, Viva Boesak."

Wat nog? -- "Viva CYO."

Wat is CYO? -- Ek het gehoor hulle sê dit is Cookhouse Youth Organisation.

Wat het u nog gehoor? -- Dan sing hulle van soldate wat opleiding moet ondergaan te Angola.

... / Is

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Is daar enige ander liedere gesing? -- -- Ja, as hulle sing van Mandela, dan sal hulle sê "Viva Mandela."

U sê u het gehoor partykeer praat hulle van Le Grange en partykeer praat hulle van Botha. Wat het hulle gesê? -- Hulle sê Botha en dan sê hulle hy is 'n hond, "Voetsek, voetsek."

En Le Grange? -- Hulle het gesê hulle sal Le Grange se honde brand.

En wat het hulle van Thambo gesê as hulle van hom gepraat het? -- Hulle het gesê Thambo is besig om soldate op te lei.

Was dit in 'n lied? -- Ja, dit is in die lied.

Wat het hulle oor Boesak te sê gehad as hulle van hom praat? -- Hulle het net gesê "Viva, viva Boesak."

Die aand van 13 Mei 1985 was u op diens gewees? -- Ja, ek was aan diens.

Tot hoe laat? -- Die skof van 14h00 tot 22h00.

Na 22h00 het u na u huis toe gestap? -- Ja.

Wat vind u? -- Toe ek naby my huis kom, het ek gehoor dat klippe op die dak val van die huis. Toe ek om die hoek van die straat kom, dit wil sê in die straat kom waar ek bly, het ek opgemerk dat daar persone is wat voor my huis is. Van die persone wat ek van praat was op die erf en van hulle was in die straat gewees.

Kon u sien wat maak hulle? -- Hulle was besig om na die huis te gooi.

Hoeveel van die mense het u daar gekry? -- Honderd plus.

Was hulle stil en rustig, het hulle geskreeu of wat het hulle gemaak? -- Ek kon hoor dat daar 'n gemompel was, maar as gevolg van die geraas van die klippe wat gegooi word, kon ek nie hoor wat hulle presies gesê het nie.

En u huis self, het u gesien of daar enige ander skade is?

... / Ja

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

-- Ja, ek het gemerk dat die vensters van my stukkend was en die dak van die huis het gate in en die gordyne wat ek aan die voorkant gehad het, was ook gebrand.

Wat maak u toe? -- Bedoel u terwyl ek nog na die huis toe gegaan het of nadat ek by die huis gekom het?

Terwyl u huis toe gegaan het? -- Ek het opgemerk dat daar so 'n groot klomp voor my huis was. Ek sal nie daardie mense kan wegkry nie. Ek het my rewolwer getrek en in hulle rigting geskiet.

Hoeveel keer? -- Vier skote, as gevolg waarvan die klomp toe gevlug het.

En u is toe na u huis toe. Het u huis nog gebrand? -- Ja, nadat hulle weg is, het ek ook gehaas om by die huis te kom.

Het hy nog gebrand? -- Ja, die gordyne en die venster was nog aan die brand gewees. Ek het die vuur geblus.

Daarna het hierdie ander polisiebeampte Mvelasi daar opgedaag? -- Ja, hy het opgedaag.

Kan u vir die Hof aandui, het u gesien wat veroorsaak het dat die huis brand? -- Ek het gesien dit was as gevolg van die petrolbomme, want daar was gebreekte petrolbombottels in die vertrek gevind.

Hoeveel? -- Ek het twee van hulle daar binne gekry.

Gedurende Maart 1985 daar in die woongebied, wat gebeur daar in die strate gedurende Maart? -- Die singery wat ek alreeds beskryf het aan die Hof het daar plaasgevind in die strate.

Was dit een keer 'n week, elke aan, een keer per maand? -- Ek sal nie kan sê of dit een keer per week was nie, maar wat ek kan sê is dit het aangegaan vir 'n tydjie dat 'n mens dit kan hoor. Partykeer is dit stil, dan hoor jy dit laat

... / in

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

in die nag.

HOF : Het die singery in die strate begin by daardie kerk of was dit ook maar net een van die plekke, die kerk? Het dit eers begin by d ie kerk en dan in die strate uitgeloop? -- By die begin van die ding was dit by die kerk gewees toe hulle begin sing het, maar later van tyd het die singery ook maar in die strate begin.

MNR. FICK : U sê dit het gewissel. Dit het opgehou en dan begin dit partykeer laat in die nag weer?

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. TIP : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. FICK : Die volgende getuie wat die Staat roep is Hendrik Jacobus Stander. Hy getuig oor paragraaf 23 bladsy 80 van die besonderhede. Dit is Graaff-Reinet.

HENDRIK JACOBUS STANDER, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is ꞌn speurder adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie en gestasioneer te Graaff-Reinet en u is verbonde aan die veiligheidstak. Is dit korrek? -- Dit is reg.

Is u bewus van die bestaan van plaaslike organisasies daar in Graaff-Reinet in die woongebiede? -- Dit is r eg.

Watter organisasies ken u daar? -- Dit is die Graaff-Reinet Community Organisation.

HOF : Word hy afgekort? -- Hy word afgekort as GRAFCOM. Graaff-Reinet Youth Congress.

MNR. FICK : Afgekort? -- Hy word afgekort as GRYCO.

Is daar enige ander organisasies wat plaaslik bestaan het waarvan u weet? -- Daar het bestaan COSAS in 1984. Congress of South African Students.

Weet u of van hierdie organisasies vergaderings gehou

... / het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

het daar in die Swartwoongebiede? -- Ja.

Het u van die vergaderings gemonitor? -- Ek het van die vergaderings observasie by gehou.

Wat het u opgemerk met betrekking tot die vergaderings? Was daar enige baniere?

HOF : Van watter tydperk praat ons nou? -- Dit is na Februarie 1984 na die stigting van hierdie organisasies.

Is hulle gestig in Februarie 1984? -- Dit is so.

Al drie? -- GRYCO en GRAFCOM dra ek kennis dat hulle in Februarie gestig is.

COSAS? Het COSAS bestaan voor hierdie twee organisasies of het dit eers na die tyd daar gekom? -- COSAS is na Februarie 1984 gestig.

En u observasie het dan geduur totdat hulle begin het? -- Dit is so.

Waar is hierdie vergaderings gehou? -- Die meeste van hierdie vergaderings is in Kroonwyl, dit is 'n Kleurlingwoonbuurt in Graaff-Reinet in die Majestic Saal gehou.

Het u enige baniere opgemerk by die vergaderings wat daar gehou is? -- Ek het baniere van die United Democratic Front ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit nou binne-in die vergadering? -- Binne-in die vergadering, GRAFCOM en GRYCO opgemerk.

As u nou praat van 'n vergadering, was dit 'n afsonderlike vergadering van byvoorbeeld GRAFCOM of is dit 'n gesamentlike vergadering van almal? -- Dit was gesamentlike vergaderings.

MNR. FICK : Hoe werk die ding daar in Graaff-Reinet, as een organisasie 'n vergadering hou gaan die ander klomp van die ander organisasies in elk geval soontoe of hou hulle heeltemal aparte vergaderings? -- Nee, waar een organisasie 'n vergadering hou, kom die ander organisasies saam.

... / Het

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Het u tydens u observasies ook nader gegaan na die saal en gaan luister wat daar aangaan? -- Dit is reg.

By hoeveel geleenthede het u so nader gegaan en geluister wat daar aangaan? -- Ek het by twee geleenthede binne hoorafstand gewees van die vergadering.

Kan u die eerste geleentheid vir ons plaas wanneer in 1984? -- Dit was gedurende April 1984.

Wie se vergadering was dit? Weet u? -- Dit was 'n GRAFCOM vergadering.

Weet u waaroor die vergadering gehandel het? -- Die vergadering het gehandel, op daardie stadium het hulle die gemeenskapsrade en die plaaslike besture aangeval.

Kan u dit meer omskryf, die aanval, wat het hulle gesê? -- Die lede van die gemeenskapsraad was uitgemaak as poppe van die regering, "puppets" en na die instellings is verwys as "Dummy Institutions."

Dan wil ek u vra in verband met die tweede vergadering wat u sê u kon hoor wat daar gesê word. Kan u eerstens vir ons die vergadering plaas, wanneer in Februarie was dit? -- Dit was op 8 Augustus 1984.

HOF : Wie se vergadering was dit? -- Dit was geadverteer as 'n vergadering waar sprekers van ander oorde kom toespreek het en gesamentlik weer deur GRAFCOM en GRYCO.

MNR. FICK : Het u gehoor waaroor gaan hierdie vergadering? -- Die hoofonderwerp daar was die anti-verkiesings - dit was 'n anti-verkiesingsvergadering van die lede van die huis van verteenwoordigers.

Dit is die verkiesing wat op 22 Augustus gehou sou word? -- Dit is so.

Kon u sien wie was die spreker daar? --Ja, ek het daar observasie gehou. Eerwaarde Allen Boesak het opgetree

... / as

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

as ŉ spreker. Eerwaarde Fred Hufkie van Graaff-Reinet het opgetree.

Ken u hom? -- Ek ken hom.

Behoort hy aan enige organisasie? -- Hy is een van die beskermhere van GRAFCOM.

HOF : Van watter kerk is hy? -- Hy is van die United Congregational kerk.

MNR. FICK : U sê dit was ŉ anti-verkiesingsvergadering? -- Dit is reg.

En by hierdie vergadering, was daar weer die baniere van die verskillende organisasies vertoon? -- Dit is reg.

HOF : Van die drie organisasies wat u genoem het? GRAFCOM, GRYCO en COSAS? -- Dit is reg.

MNR. FICK : Ek wil graag aan u twee foto's toon. Dit is AAY(24) en AAY(25). Die eerste foto toon ŉ persoon - daar is ŉ klomp mense en dan is daar een persoon wat op die tafel leun by ŉ mikrofoon.

HOF : En die man wat op die tafel leun het ŉ T-hempie aan.

MNR. FICK : Kan u hierdie foto identifiseer? -- Dit is ŉ foto van die verhooggedeelte tydens die vergadering op 8 Augustus 1984.

Kan u vir die Hof sê wat se T-hempie het die persoon aan by die mikrofoon? -- Dit is ŉ UDF T-hempie.

Dan wil ek u die volgende foto toon. Daar staan ŉ persoon met ŉ trui aan met ŉ baard. Hy het sy vinger so en beduie. Herken u die foto? -- Ek herken dit. Dit is van dieselfde vergadering op 8 Augustus 1984.

Die persoon wat daar so staan met sy hande en so beduie weet u wie is dit? -- Dit is eerwaarde Chris Nissen.

Behoort hy aan ŉ organisasie wat u van weet? -- Hy was op die uitvoerende bestuur van die United Democratic Front

... / Wes-Kaap

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Wes-Kaap.

HOF : Die ander persoon ken u nie, die man wat daar gepraat het op die vorige foto by AAY(24) met die UDF T-hempie? -- Dit is Thobile Mbotya.

MNR. FICK : Weet u of hy aan enige organisasie behoort? -- Hy was die publisiteitsekretaris van GRAFCOM.

Dan wil ek met u teruggaan na AAY(25) toe. U sal sien op AAY(25) sit daar 'n persoon wat as 'n mens kyk na die foto wegkyk van jou en hy sit met 'n pak klere en sy arms gevou. Wie is dit? Weet u? -- Dit is eerwaarde Fred Hufkie.

HOF: Dit is die man heel voor aan die regterkant? -- Dit is reg. Naaste aan die kamera.

MNR. FICK : En die een tweede van hom af wat ook met sy arms gevouisit met 'n pak klere aan en wat wegkyk? -- Dit is dr. Boesak.

Waar het u in besit gekom van BEWYSSTUKKE AAY(24) en AAY(25)? -- Ek het die huis van eerwaarde Nissen deursoek en die twee foto's het ek tussen sy dokumente gekry.

Eerwaarde Nissen, waar woon hy? -- Hy is van Graaff-Reinet. Hy woon ook daar.

Ek wil nou met u teruggaan na 'n ander geleentheid, skoolboikotte in Graaff-Reinet. Is u bewus daarvan dat daar sulke voorvalle was gedurende 1984? -- Ja.

Sedert 20 Februarie 1984 was daar by 'n sekere skool 'n boikot aan die gang, die Ngweba Sekondêre Skool, Graaff-Reinet? -- Dit is korrek.

Hoe lank het hierdie skoolboikot aangehou? -- Hy het geduur bykans vir die hele 1984.

Die skoolboikot die vorm aangeneem van die kinders wat glad nie skool toe gekom het nie of het hulle skool toe gekom en geweier om onderrig te ontvang? -- Hulle het skool

... / toe

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

toe gekom, maar geweier om onderrig te ontvang.

Het u op verskeie geleenthede observasie by die skool gaan hou terwyl die boikot aan die gang was? -- Dit is reg.

Wat het gebeur by die skool terwyl u observasie gehou het? Wat gaan daar aan? -- Leerlinge het op die skoolterrein vergader. Hulle het die meubelment uit die skoolgebou uitgedra en vergaderings op die skoolterrein gehou.

Het hulle enigsins gesing of geskreeu terwyl die vergadering aan die gang was? -- Hulle het gesing en slagspreuke geskreeu.

Wat was die aard van die gesing? -- Dit was vryheidsliedere.

Kan u aandui watter vryheidsliedere? -- Dit was in Xhosa, taal gewees. Ek is nie die taal magtig nie, maar sekere woorde kan ek onthou en ek het uitgevind wat dit beteken.

Het u enige persone se name gehoor in hierdie singery? -- Daar was verskeie kere gesing oor Oliver Thambo, Nelson Mandela.

En die slagspreuke wat geskreeu was, wat was geskreeu? -- Slagspreuke "Viva UDF, Viva GRYCO, Viva GRAFCOM."

Wat was die aard van die drag van die skoliere as hulle daar aankom? -- Sommige van hulle het openlik met UDF T-hempies by die skool opgedaag.

HOF : Het die skool 'n uniform? -- Die skool het 'n uniform.

Is dit deel van die skool se uniform? -- Nee.

MNR. FICK : En andere? -- Andere het met skooluniform opgedaag met die T-hempies onder aan en as hulle by die skoolgronde kom, dan trek hulle die boonste gedeelte van die skooluniform uit en dan het hulle die UDF T-hempies aan.

Op 24 April 1984 toe is die polisie weer ingeroep na hierdie skool, Ngweba skool? -- Dit is so.

... / U

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

U is self soontoe? -- Dit is korrek.

Wat gaan daar aan toe u daar aankom? -- Die enigste hekke wat ingang bied tot die skoolperseel was gesluit met 'n ketting en 'n slot en op die skoolperseel het 'n groep van ongeveer 200 skoliere vergader.

Was daar onder hulle ook weer met UDF T-hempies aan? -- Daar was weer van hulle met UDF T-hempies aan.

Kan u aandui wat was die verhouding met betrekking tot die persone wat die T-hempies aangehad het van die 200? -- Na skatting het ongeveer 20 T-hempies aangehad.

Gaan voort. -- Ons kon nie die skoolgronde betree nie as gevolg van die hek wat toegesluit was. Ons was verplig om die slotte stukkend te slaan ten einde toegang te verkry. Die offisier in bevel van die optrede het die groep verwittig dat hulle besig was met 'n onwettige byeenkoms en hulle versoek om uitmekaar te gaan.

Net voor u aangaan, wat was die gedrag van hierdie klomp wat daar op die skoolterrein was? -- Hulle het aanhoudend slagspreuke geskreeu.

Watter? -- "Viva UDF, Viva GRYCO, Viva GRAFCOM."

Die offisier sê hulle moet uiteen gaan en wat gebeur toe? -- Aanvanklik het 'n klomp van hulle wegbeweeg van die hoofgroep af. Daar het egter een van hulle op 'n stoel geklim en dié wat wou weggaan teruggewink. Hulle was weer gewaarsku om uiteen te gaan. Hulle het egter geweier.

Wat was hulle reaksie behalwe dat hulle geweier het? -- Hulle het vir die polisie geskreeu om weg te gaan van die skoolgronde af. Hulle het voortgegaan met die skreeu van die genoemde slagspreuke.

Gaan voort? -- Opdrag is gegee dat die groep deur middel van karwatse uitmekaar gedryf word en nadat die gedoen

... / was

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

was, het ons die Blankepersoneel van die betrokke skool, waaronder ook dames was, uit die woonbuurt vergesel. Net buitekant die woonbuurt het ons radioberig ontvang dat daar van die leerlinge na die skool teruggekeer het en besig was om 'n voertuig wat behoort aan die Departement van Onderwys en Opleiding aan die brand te steek.

Het u teruggegaan om te gaan kyk wat aangaan? -- Ons het teruggegaan soontoe, maar voordat ons daar kon kom, het ons ook berig ontvang dat die woonhuis van adjudant-offisier Moshes deur jeugdiges aangeval word asook die huis van mnr. Mankay, die skoolhoof van die betrokke skool en dat hulle ook besig is om mnr. Mankay se voertuig wat voor sy woning geparkeer was, aan die brand te steek.

Is u toe soontoe? -- Ons is toe soontoe na die huis van adjudant Moshes. Hy is 'n lid van die veiligheidstak op Graaff-Reinet.

MR TIP : My Lord, may I just record our objection to those parts of the hearsay which we are not otherwise going to prove relevant.

COURT : Well, it appears that the evidence is going to be led on what he found there.

MNR. FICK : Wat het u gevind toe u daar by adjudant Moshes se huis kom? -- Ons is eers na die woning van mnr. Mankay. Sy voertuig wat voor sy woning geparkeer was, was gedeeltelik uitgebrand, maar hulle het in die tussentyd geslaag daarin om die vuur te blus. Sy huis se vensters was met klippe stukkend K358 gegooi. Verskeie klippe was binne-in sy huis aangetref, By adjudant-offisier Moshes se huis het ons gevind dat die huis se vensters stukkend gegooi was, die deur was oop forseer, afgebreek. Daar was van sy breekware wat op 'n kas in die kombuis was stukkend. Die klippe het op die kas gelê en sy

... / meubels

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Meubels het ook merke aangehad.

Hoe ver is die huise van mekaar af? -- Daar is net een huis tussen dié van adjudant Moshes en mnr. Makay. Hulle is baie naby aan mekaar in dieselfde straat.

HOF : Kon u nog die aanvallers sien of was daar niemand nie? -- Met ons aankoms was hulle reeds weg.

MNR. FICK : Van daar waar is u toe heen? -- Ons is terug na die skool. Die voertuig van die Departement van Onderwys en Opleiding was totaal uitgebrand.

Waar was die voertuig geparkeer? -- Die voertuig was net buitekant die onheining van die skoolterrein geparkeer.

Na aanleiding van hierdie voorval, is 'n sekere persoon gearresteer? -- Dit is reg.

Wie is die persoon? -- Dit was ene Spiri Pase.

Het u hom geken? -- Ek het hom geken.

Is hy 'n lid van enige organisasie?-- Hy was 'n lid van GRYCO.

HOF : Was hy 'n skolier by die skool? -- Hy was voorheen 'n skolier by die skool, maar op daardie stadium was hy geskors uit die skool uit.

MNR. FICK : U het sekere foto's by hom gevind? -- Dit is reg, ja.

Ek het foto's gemerk AAY(26) tot (29). Volgens die foto's is daar een of ander plakkaat en dit gaan in verband met 'n sekere kampanje wat gevoer is. Is dit korrek? -- Dit is korrek. Dit is die "One Million Signature Campaign."

Is u bekend met die kampanje? -- Ja.

Wie se kampanje is dit? Wie voer die kampanje? -- Die United Democratic Front.

Hierdie kampanje, waar was hy gevoer gewees? By watter plek was hy? Was hy op Graaff-Reinet? -- Hierdie was

... / op

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

op Graaff-Reinet.

Was dit 'n kampanje wat gevoer was by die skole of by 'n skool of by 'n ander plek? -- Dit was deur die organisasies GRAFCOM en GRYCO op Graaff-Reinet geloods.

As ons kyk na AAY(26), daar is 'n plakkaat wat gehou word. Is dit die plakkaat in verband met die "Million Signature" kampanje? -- Dit is so.

AAY(27), die persoon wat die plakkaat vashou het 'n wit hoedjie op sy kop. Wie is dit? -- Dit is Spiri Pase.

Dan AAY(29), ken u enige van die twee wat daar staan? -- Nee, ek ken nie die persone nie.

Op AAY(26) staan die persone met hulle hande in die lug en hulle wys hulle duim eenkant toe. Dit is 'n soort van 'n vuis, maar die duim is gestrek. Ken u hierdie teken? -- Dit is die Swartmagteken.

Ken u die teken of ken u hom nie? -- Dit is die Swartmagteken.

U kan dit nie nader omskryf as behorende aan enige organisasie nie of is u nie in staat om dit te doen nie? -- Nee, ek weet nie.

HOF : Mnr. Fick, waarom handig u vir ons 'n klomp foto's in soos byvoorbeeld AAY(29)? Die getuie ken niemand op die foto nie. Dit is baie interessant om die twee mense te sien, maar wat daarvan? U weet, ons kan hier doodgegooi word met foto's, ons kan hier doodgegooi word met dokumentasie en dit gaan net eenvoudig uiteindelik alles wegraak in 'n moeras van dokumente. As u een dokument nodig het en u wil mnr. Spiri Pase op die ding uitken, handig u een foto in en sê daar is nog vier ander en gee die vier ander vir die verdediging, maar wat moet ek met vier foto'smmaak as u net een foto nodig het of twee?

MNR. FICK : Ek is jammer.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Watter dokumente het u nodig van die vier?

MNR. FICK : AAY(26), (27) en (28), Dan sal ek (29) laat. Hierdie vergadering wat u van melding gemaak het van 8 Augustus 1984 is die vergadering algemeen geadverteer in die woongebied? -- Dit is reg.

Het u van die pamflette wat die vergadering adverteer bekom? -- Dit is so.

Ek wil aan u 'n dokument toon. Ek sal dit ABA(4) maak. Is hierdie die pamflet wat u gevind het oor die vergadering van 8 Augustus? -- Dit is so.

Terwyl ons by hierdie vergadering is, laat ons hom net heeltemal klaar maak. Na die vergadering gehou was van 8 Augustus 1984, is u in die saal in?-- Dit is korrek.

Het u enige dokumente daar gevind? -- Ek het 'n vel gevind met liedjies op.

HOF : Dit is nou na die vergadering? -- Dit is na die vergadering.

MNR. FICK : Waar het u die dokument met die liedjies op gevind? -- Dit was net binnekant die deur op 'n tafeltjie.

Was daar 'n stapeltjie dokumente of pamflette met die liedjies op? Was daar meer as een van hierdie pamflette? -- Ja, daar het 'n hele pak gelê.

Ek toon aan u 'n dokument ABA(5). Is dit een van die pamflette? -- Dit is reg. Dit is een van die papiere wat ek daar gekry het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K359 HENDRIK JADOBUS STANDER, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Junie 16, word dit herdenk as 'n ad in Graaff-Reinet, 'n spesiale dag? -- Dit is korrek.

... / Kan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Kan u aan die Hof aandui wat het gebeur met betrekking tot hierdie herdenking in 1984? -- 'n Groep jeugdiges het in 'n agterplaas van 'n woonhuis in Main Road in die Swartwoonbuurt Graaff-Reinet vergader.

HOF : Wat is die naam van die Swartwoonbuurt? -- Masizake. Hulle het plakkate vertoon "Remember June the 16th. Away with apartheid." Die polisie het verby die groep beweeg. Foto's is geneem waar die groep vergader het. Die onluste-eenheid se hulp was ingeroep.

Hoe groot was die groep? -- Hulle was tussen 100 en 150 ongeveer.

MNR. FICK : Net voor u aangaan. Was daar enige beperkings geplaas met betrekking tot die hou van vergaderings in die buitelug of andersins? -- Buitelugvergaderings was verbied.

Gaan aan? -- Toe die polisie opdaag het van die groep gevlug, andere het die huis wat op die perseel was ingehardloop. Hulle het stoele en meubels teen die deure van die binnekant af gepak sodat die polisie nie ingang kon verkry nie. Daar is van traanrook gebruik gemaak en sekere van die persone is op die toneel gearresteer.

Was hulle vervolg? Weet u? -- Hulle was vervolg.

Weet u waarvoor hulle aangekla was? -- Hulle was vir artikel 57 van Wet 74 van 1982, die bywoon van 'n verbode byeenkoms, aangekla.

Weet u wat die uitslag was? -- Hulle is skuldig - daar is van hulle skuldig bevind in die Streekhof, Graaff-Reinet.

Ek wil aan u 'n foto toon. Ek gaan nie al die foto's wat daar geneem is toon nie, net een. Dit is AAY(29). Herken u die toneel op die foto? -- Dit is die vergadering waar ons opgetree het op 16 Junie 1984 te Main Road, Graaff-Reinet.

Gedurende Augustus 1984 was daar 'n nuusbrief uitgereik



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

deur GRAFCOM? -- Dit is reg.

Was hierdie nuusbrief vryelik bekombaar in die woongebied of wat was die posisie? -- Dit was vryelik bekombaar in die Swart- sowel as die Kleurlinggebiede.

Het u een van hierdie nuusbriewe bekom? -- Dit is reg.

ABA(6). Op 15 November 1984 is 'n woonhuis van mnr. Mpepho te Graaff-Reinet aangeval. Is u bewus daarvan? -- Dit is so.

Hierdie persoon, watter posisie beklee hy? -- Hy was die voorsitter van die gemeenskapsraad op Graaff-Reinet.

Was daar ander lede ook van die gemeenskapsraad se huise aangeval?-- Daardie selfde aand was ook mevrou Sibham se huis aangeval.

En was daar 'n polisiebeampte se huis ook dieselfde aand aangeval? -- Dieselfde aand was konstabel Zahela se huis ook aangeval.

HOF : Mev. Sibham, wat is sy? -- Mev. Sibham is die ondervoorsitter van die gemeenskapsraad op Graaff-Reinet.

As u praat van aangeval, is dit met petrolbomme of klippe of waarmee? -- Dit was met klippe.

Alles met klippe? -- Alles met klippe.

MNR. FICK : Onmiddellik na die voorval by mnr. Mpepho se huis, het u soontoe gegaan? -- Dit is so.

Het u enigiets daar opgetel by die huis? -- Voor die huis in die straat het ek 'n pamflet opgetel getiteld "GRAFCOM News Indaba."

ABA(7). Hy bestaan uit sewe bladsye. Is dit die dokument wat u opgetel het?

HOF : Dit is eintlik "GRAFCOM Nuus Indabe" nie "News Indaba" nie. -- "GRAFCOM Nuus Indaba." Dit is die dokument wat ek opgetel het.

MNR. FICK : U het as gevolg van hierdie voorval daar by die

... / raadslede

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

raadslede en die polisiebeampte se huis - wat se polisie-optrede het gevolg? Was daar enige padblokkades of voertuie deursoek of persone besoek? -- Ek het later die aand die voertuig van eerwaarde Chris Nissen in Main Road, Masizake woonbuurt aangetref.

Het u enigiets daar gevind? -- Ek het in die voertuig van eerwaarde Nissen die oorspronklike materiaal wat gebruik was vir die maak van GRAFCOM Nuus Indaba aangetref.

HOF : Dit is nou ABA (7)? -- Nee, wat ek toe aangetref het was die oorspronklike materiaal. Dit was 'n wasvel.

Dit was 'n wasvel wat hierdie ding opgehad het? -- Dit is korrek.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Was dit 'n gebruikte wasvel? -- Dit was 'n gebruikte wasvel.

MNR. FICK : Ek wil aan u twee wasvelle toon. Kan u dit net identifiseer? Ek wil dit nie as 'n bewysstuk inhandig nie. Dan wil ek ook aan u 'n verdere dokument toon. -- Dit is van die materiaal wat ek daar gekry het.

HOF : Woon die eerwaarde Nissen daar in die Swartwoongebied? -- Nee, hy woon in Asherville in die Kleurlingwoonbuurt op Graaff-Reinet.

MNR. FICK : Ek wil net die res van die dokumentasie aan u toon. Herken u hierdie dokument? U Edele, ek wil hom ook nie ophandig nie, net dat die getuie hom identifiseer. Dit is dieselfde as ABA(7). -- Dit is die dokument wat ek in eerwaarde Nissen se voertuig gekry het.

Saam met daardie dokument, het u enige ander dokumente gevind? -- Daar was 'n kaart.

Ek wil 'n dokument aan u toon, ABA (8). Dit is FSAW 54 tot 84. Ken u hierdie dokument? -- Dit is ook in die voertuig van eerwaarde Nissen gekry.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

HOF : Wat se kaart is dit? -- Dit is FSAW 54 84. Dit verwys na South African Women.

MNR. FICK : Waar in die voertuig het u hierdie dokumentasie gevind? -- Dit was in die paneelkissie van die voertuig.

Dan wil ek by u vasstel, gedurende hierdie tyd wat die aanval op die raadslede se huise was wat u van gepraat het by mnr. Mpepho en mev. Sibham, wat was die algemene posisie in Graaff-Reinet se Swartwoongebied. Was dit stil, rustig? Was hierdie uitsonderings? Wat is die posisie? -- Nee, daar was skoolboikotte en onrus by die skool.

Was daar enige aanvalle op ander raadslede in hierdie tydperk? -- Daar was aanvalle op ander raadslede.

Was dit ook klippe? -- Klippe. Versperrings is in die strate aangebring, slote is dwarsoor die strate gegrawe en die ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit nou om waterpype te lê? -- Nee, daardie versperrings was om te verhoed dat polisievoertuie vryelik in die woonbuurt kon beweeg.

MNR. FICK : Was dit oor die paaie? -- Dwarsoor die strate.

U sê polisievoertuie was aangeval? -- Polisievoertuie was met klippe aangeval.

HOF : Van watter tydperk praat ons nou? --

MNR. FICK : Dit is nog dieselfde tyd as wat mnr. Mpepho ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit kan nie presies op dieselfde tyd wees nie. Praat ons van 'n dag, 'n uur, 'n minuut, 'n maand of drie maande? Waaroor praat ons nou?

MNR. FICK : Was dit in 1984? -- Vanaf Februarie die hele 1984.

Die raadslede, die gemeenskapsraad, bestaan hy nog? -- Hulle het almal bedank.

Weet u wanneer hulle bedank het? -- Dit is gedurende 1984.

... / Ek

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Ek kan nie die presiese maand onthou nie, maar dit was hier aan die einde van ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Was dit voor of na die aanval op mnr. Mpepho se huis? -- Dit was na die aanval op sy huis.

MNR. FICK : Die woongebied, is daar enigiemand op hierdie stadium wat die woongebied se sake bestuur of in beheer is daarvan? -- Die kantore van die woonbuurtbestuurder van die Oos-Kaap Administrasieraad is gesluit op hierdie stadium. Die personeel het onttrek en kantore in die Blankewoongebied betrek. Swartlede van die Suid-Afrikaanse Polisie het uit die woonbuurt getrek en word in die Blankewoonbuurt gehuisves.

Is daar enige sprake van huishuur wat betaal was voorheen ? Weet u of daar vantevore 'n stelsel was van huishuur op Graaff-Reinet? -- Ek kan ongelukkig nie bedrae van huishuur verskaf nie, maar wat ek wel weet is dat 'n baie klein persentasie van die inwoners tans huur betaal.

HOF : Wat u nou sê, geld dit alles vir die Swartwoonbuurt alleen of ook vir die Kleurlingwoonbuurt? -- Wat betref die betaal van huur is dit slegs in die Swartwoonbuurt.

En die slote oor die strate en die klipgooiery en die dinge? -- Het in die Swart - daar was versperrings in die Kleurlingwoonbuurt ook aangebring en daar was ook klip gegooi na die polisievoertuie in die Kleurlingwoonbuurt.

MNR. FICK : Was daar gedurende 1984 enige slagspreuke aangebring in die Swart- of Kleurlingwoongebiede? -- Ja. Daar is op verskeie plekke slagspreuke aangebring.

U het foto's laat neem van hierdie slagspreuke? -- Dit is so.

Ek handig op dokumente AAY(30) tot (33). Ekskuus, dit is tot (34). Die eerste foto AAY(30) watter woongebied is dit? -- Dit is in Masizake Swartwoongebied.

... / Kan

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

Kan u net vir rekorddoeleindes lees wat staan daar? -- "UDF ANC".

HOF : Dit is op die elektriese kas? -- Dit is so.

MNR. FICK : AAY(31) is 'n naderby foto van dieselfde kas? -- Dit is dieselfde.

AAY(32), kan u die foto identifiseer? -- Dit is ook in Masizake Swartwoonbuurt. Dit is op 'n randsteen van 'n straat aangebring.

Wat staan daar? -- "ANC will win."

AAY(33) is dieselfde elektriese kas wat op 30 is, maar net weer van die ander kant af geneem? -- Dit is so.

En daar staan? -- "UDF".

En dan AAY(34)? -- Dit is op 'n rigtingwyser by die Pearston-aansluiting op die Graaff-Reinet/Port Elizabeth hoofweg.

Vir rekorddoeleindes, kan u lees wat staan daar?-- Van bo af "ANC is alive. Welcome to ANC. ANC Mandela. Mandela. Sisulu. ANC."

En dan twee letters T A?-- T A.

HOF : Waarvoor staan T A?

MNR. FICK : Weet u waarvoor dit staan? -- Nee, ek kan nie verklaar waarvoor die T A staan nie.

HOF : Die eerste letters van Tambo, maar die verf het opgeraak? -- Dit kan moontlik wees.

MR TIP : My Lord, again I am in a position where I could begin cross-examining, but there are a number of aspects on which we need to get instructions and I think that it is possible that we could get instructions and deal with this evidence fairly completely. Our chances of getting the people that we need to speak to are - improved the earlier that we can think about that enterprise and I wonder if it might be

... / possible

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017

possible to adjourn at this stage. In the long run I submit it might well save us time.

COURT : There is an assurance that it will save time. You have got me on your side.

MR TIP : There is an assurance to that effect.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 25 JUNIE 1986.

- - - - - - - - - -

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017